

REGERINGSRECHTERSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

T. 1. 12 VOL 97 Pg. 4696 - 4806

SAAKNOMMER: CC 482/S5

DELMAS

1986-05-28, 29 EN 30

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

97

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSO

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 97 (IN CAMERA GETUIE NR. 17)

(Bladsye 4696 - 4806)

HOF IN CAMERA

MNR. FICK: U Edele, die getuie sal getuig oor daad 66, dit is bladsy 267 van die akte van beskuldiging, paragraaf 27.6.5., bladsy 76 van die besonderhede en dan paragraaf 8 van die wysigings tot die besonderhede. Die rede waarom die Staat vra dat die getuie in camera getuig: Eerstens sal die getuie aandui dat hy van die woongebied Tumahole is, dat hy anonieme dreigoproepe ontvang waaruit sy lewe bedreig word indien hy sal kom getuig in die saak en dan wil ek ook op hierdie stadium 'n dokument voor die Hof plaas. U Edele, dit is in verband met 'n vorige getuie wat(10) in hierdie hof in camera getuig het, as my geheue my reg bedien, was die getuie getuie I.C.8. Ek kan aan die Hof meld dat die brief, dit is saam met 'n koevert, is vanoggend aan my oorhandig. Die getuie het hierdie brief gekry by die adres waar hy gebly het op daardie stadium wat nie sy huisadres was nie. Hy is deur die polisie na 'n ander plek geneem.

HOF: Wanneer het hy die brief gekry?

MNR. FICK: As my geheue my reg bedien 20 Mei, 'n week terug. In die brief - ek sal hom nie heeltemal uitlees aan die Hof nie, maar ek sal hom graag aan die Hof wil ophandig, word daar gesê dat (20) hulle weet die persoon het getuienis gegee, hulle weet waar hy is en dat hulle die persoon by wie hy woonagtig is aansê om hierdie getuie van ontslae te raak, dat hy moet die plek verlaat, anders gaan die persoon waar die getuie gebly het, se huis gebrand word en hulle sal ge"necklace" word en dan eindig die brief met "So it is up to you" en hy is onder gemeld "Anonymous." Die brief is, as ek reg verstaan, by die perseel afgelewer waar die getuie woon.

HOF: Waar hy voorheen gewoon het of waar hy tans woon?

MNR. FICK: Waar hy op daardie stadium gewoon het. Hy is (30) intussen deur die polisie weer verwyder na 'n nuwe woonplek. Die

persoon/..

persoon se naam daarbo, die van, is die persoon waar die getuie gewoon het op daardie stadium.

COURT: Yes. Well, it is better that Mr Bizos hears the full letter. It is addressed to a person whose name I won't mention. "We know that you are hiding a police informer in your house" and then the name is given which is the name of I.C. No. 8, "who had changed his name to" and then another name is given "so we want you to know that it is too much. We cannot tolerate seeing him enjoying and yet others are suffering, so we are going burn your house and give him a heavy necklace. So to prevent your house(10) chase him out so that he die alone. We are watching all his moves. from .." this word is illegible, doctor something it would seem - no, "from finger-tip to town and also to church or from a place to town and also to church." The bottom "So it is up to you" and it is signed by "Anonymous."

MR BIZOS: My Lord, I do not remember by number who that was and I do not know whether this person, if my instructions are correct, that this person has apparently given evidence in a number of other trials.

COURT: Possibly, yes, I think so, Mr Bizos. It was one of (20) the ANC witnesses. It would ...

MR BIZOS: Yes, I do not know if my instructions, my provisional instructions are correct ..

COURT: I would think so, yes.

MR BIZOS: But Your Lordship has not been told who it is going to be, but perhaps the prosecutor should tell Your Lordship who it is going to be and if it is going to be one of the three councillors in Tumahole, I want to assure Your Lordship that the whole of Tumahole knows that three councillors have been subpoenaed, that people were actually told by the person who (30) served the subpoenas that if they wanted a lift to Court they

must/..

must go and get a lift from the councillors. They have been in the immediate vicinity of the court, they have been seen by people from Tumahole who were in the audience and I submit with the greatest respect that in the circumstances what we told Your Lordship in relation to the councillors from the Vaal Triangle, is a fortuitous situation here and could I just show - well, My Learned Friend can tell us whether it is one of the people's names I have written on this piece of paper.

COURT: Yes.

MR BIZOS: Once we are passing pieces of paper around. Is it (10) one of those three?

MR FICK: No.

MR BIZOS: We are also - you say it is not one of these three? We also know that there were two other persons who are not councillors in the immediate vicinity. I have not yet been given their names, but that these people who have come from Tumahole came quite openly this morning, they were seen by other people from Tumahole and I submit that it is in their own interest that they come into court and they speak the truth, because the fact that they are going to give evidence is known to people from (20) Tumahole. There are three councillors and perhaps My Learned Friend can confirm this, that there were three councillors this morning and other two or three other people from Tumahole who have been seen in the immediate vicinity of the court since early this morning.

HOF: Is dit mense van Tumahole, mnr. Fick?

MNR. FICK: U Edele, die getuie is van Tumahole, maar ek wil dit net duidelik stel hierdie man is, sover my inligting is, alleen gebring, hy het nie saam met ander gekom nie. Vandat hy hier gekom het, is hy eenkant gehou hier in 'n kantoor wat toe is, waar (30) die publiek nie kom nie en die man - hy sal dit vir die Hof self

sê, hy sê hy kry anonieme dreigoproepe dat as hy getuig gaan hy - vrees hy vir sy lewe. Ek kan ook meld van sy eiendom is al afgebrand meer as een keer.

HOF: Ja, laat hom inkom. Do you want to add something, Mr Bizos?

MR BIZOS: This person was seen - the name, My Lord. My Learned Friend says that he was - he is not a councillor. I just showed him the fact that he was a councillor - I just show him the name.

MNR. FICK: Die naam wat nou bygevoeg is, is reg.

MR BIZOS: Yes, he was a councillor and it is known, My Lord, that he has been approached to give evidence, the whole of Tumahole talks about it, lifts were offered, arrangements were made and here you are, My Lord. We do have the correct name before he is called so that these attempts of apparently hiding him away have not succeeded because people have seen him. People have seen him in the immediate vicinity of the court. It is the open discussion in Tumahole as to who were required by the State to give evidence, and My Lord, we cannot stress too strongly this person has held public office, we are instructed. He was in fact the mayor of Tumahole and it is known, generally known in Tumahole that he has been required to give evidence, and no (20) purpose is served.

COURT: What is the name?

MR BIZOS: Hlalele, and I am reminded that his name is in fact mentioned in a document which has become public in the further particulars and in the indictment and what his dealings were so that in our respectful submission that - first of all there can be no doubt that the ANC witness is a distinguishable situation and the note that has been handed in on the assumption that the facts are as they have been given to Your Lordship, Your Lordship should perhaps - acceptable, but that is a complete- (30) ly distinguishable situation.

MNR. FICK/..

MNR. FICK: Kan ek miskien net een ding regstel, die getuie se name verskyn op die dokument voor u, dit is nie 'n ANC-getuie nie. Hy was nie 'n ANC-getuie nie. Dit is 'n man van die Vaal.

HOF: Dan het ek die ding verkeerd, iemand anders in gedagte. 'n Mens raak deurmekaar met jou nommers natuurlik ook. Ja, die getuie kan binnekom.

MNR. FICK: U Edele, kan ek intussen aan die Hof meld die persoon het 'n rugoperasie gehad. Die man kan sit sodra hy inkom.

HOF: Hy kan maar sit.

HOF AAN IN CAMERA-GETUIE: U kan maar sit. Die Staatsaan- (10)
klaer het my meegedeel dat u graag in camera wil getuig. --
Ek verkies om Afrikaans te praat.

Die Staatsaanklaer het vir my gesê dat u in camera wil getuig omdat u bang is dat daar met u iets sal gebeur as u naam bekend word, as dit bekend word dat u hier in die hof getuig het, is dit so? -- Dit is so.

Nou het ek 'n bietjie 'n probleem met die versoek, want voordat u hier ingekom het, het die Verdediging al vir my vertel dat die mense hier weet dat u sal kom getuig omdat dit bekend is in Tumahole dat u sal kom getuig. Blykbaar het dit bekend (20)
geraak op een of ander wyse daar, is dit nie so nie? -- Dit is so.

Nou gaan dit dan enige nut hê om die verhoor in die geheim te hou? Sal dit dan help dat ons die verhoor in die geheim hou en al die mense hier uithou as hulle tog weet dat u kom getuig? -- Ek dink dit sal beter wees as ek in camera getuig. Ek voel ook nou nie gemaklik genoeg nie en daardie vrees is nog in my dat as ek hier uitgaan soos wat hulle my belowe het gaan hulle my "necklace".

As ek 'n bevel maak dat u naam nie gepubliseer mag word nie en ook nie besonderhede van wie u is nie in die koerante nie, (30)
sal dit nie die posisie tot 'n groot mate verhelp nie? -- In die

teenwoordigheid/..

teenwoordigheid van hierdie mense?

Kyk, dit moet in elk geval - die getuienis moet in elk geval in die teenwoordigheid van die beskuldigdes afgelê word wat hier sit. Dit kan nie anders nie. Dit is soos ons prosedure is. Dit is vanselfsprekend. Daar kom van tyd tot tyd mense van die Vaaldriehoek hier in die hof, nie te baie nie, maar daar kom, maar in die lig van die feit dat dit in elk geval bekend is dat u sal kom getuig, kan ons die ding nie geheim hou nie. -- Hier is 'n Kombi-vol lede van die UDF wat vandag hier teenwoordig is en daardie vrees bly in my. Ek vra, ek pleit. (10)

Maar u was buite in die gang, is u nie daar gesien deur al die mense in elk geval nie? -- Dit is net die polisie daar.

Wat daar sit. -- Daar is nie van die mense nie. Dit is net polisie daar. Ons het seker gemaak.

U het seker gemaak. Die naam is I.C. nr. 8 wat ons gehad het.

MNR. BIZOS: Ja, agt is die nommer wat ...

HOF: Agt is die korrekte nommer. Ons het gedink ons het die ding deurmekaar gehad. Ek kan nie nou mooi onthou waarom hy getuig het nie, maar in elk geval ons kan dit daar laat. (20)

MR BIZOS: My Lord, may I just indicate the witness is correct that there is a Kombi-ful of people from Tumahole present. They are in the main people from the Civic Association there who are responsible for giving us instructions as to what has happened. It is those very people who have seen the witness and the fact that he saw them that they came in a Kombi presupposes that they saw him that he was here and that this door was - this door between Your Lordships and - and it is a very distinctive man whom I saw this morning as soon as I came in through that door which was wide open, and these persons who are from the Civic Association, because of the particulars we expected what may be said (30)

about/..

bout the activities of the Civic Association, they are people who are here in order to give us instructions, they know that this person was here this morning, they know that he is going to give evidence and we submit, with respect, with that knowledge it makes it worse that he should give evidence in camera and his position is indistinguishable from the councillors in the Vaal Triangle. There is always a theoretical possibility in what - in the situation that we find ourselves in, but the people that he has mentioned in fact are the people who have given us the instructions that I have indicated to Your Lordship. None (10) of them - they consider that they are performing a lawful function in this community, there have been meetings between them and the Development Board and other bodies and Your Lordship take on the say-so of the witness that he is afraid. There may well be ...

COURT: Well if he says he is afraid, there is nothing to dispute that, is there?

MR BIZOS: Well, he may be afraid.

COURT: He may well have reason to be afraid also.

MR BIZOS: Yes, he may have reason to be afraid but in order to depart from a fundamental rule when in fact the secrecy is (20) not going to help. He was the man. I am instructed that no person in Tumahole has been arrested or convicted of any offence. There have not been necklaces or anything like that in Tumahole and in my respectful submission Your Lordship will not allow this evidence to be given in camera. We have had situations ...

COURT: At the moment I am not asking you to address me. I was busy with the witness.

MR BIZOS: As Your Lordship pleases.

HOF: Het u verstaan wat die advokaat sê in Engels? Kan u Engels goed volg? -- Ek volg hom goed. (30)

Hy sê dat daar 'n Kombivol UDF-mense van Tumahole hier by die

hof/..

hof is en dat dit reg is dat u hulle gesien het, want hulle het u ook gesien en dat in elk geval almal nou weet dat u hier is net so goed soos wat u weet dat hulle hier is. Hy sê dat hulle hier is om vir hom te kom vertel wat in Tumahole die geval is sodat hy behoorlik die saak kan voer, wat hulle reg is en hy sê dit sal geen nut hê om die verhoor in camera te hou nie. Wat sê u daarvan? Almal weet nou u is hier. -- Your Worship, to set the record straight I came here very early in the morning with the police officer. I saw these people through the curtain, through the window. They have not seen me. None of them (10) have seen me. I have been in hiding all the time. They have not seen me.

MR BIZOS: My Lord, I can assure Your Lordship that the first person that I saw this morning was this elderly gentleman sitting on the bench just next to the door.

COURT: But did the public pass where you passed?

MR BIZOS: Yes, My Lord. Everybody has got to come - they just cannot come into Your Lordship's corridor. They have got to come and go straight down and around. There is only one entrance that we can come through into this building, the public and .. (20)

HOF: Wat sê u, mnr.Fick?

MNR. FICK: U Edele, dit mag miskien so wees dat hy 'n oomblik daar was dat mnr. Bizos hom gesien het, maar die getuie sê hy het gesien toe die mense gekom het wat van Tumahole af kom, toe was hy reeds in die kantoor.

HOF: Ja, maar kom ons aanvaar dit nou wie wie gesien het, die feit is dat al die gegewens wat 'n mens normaalweg probeer toehou met 'n in camera-verhoor is nou openbaar. Ek meen dit is gedemonstreer deurdat voor die getuie ingekom het, is sy naam al gegee aan u. (30)

MNR. FICK: U Edele, na die tweede probeerskoot, die vierde een.

HOF/..

HOF: Ja, dit is so, maar tog is dit bekend dat hy kom getuig en ek meen as ons vanmiddag hier verdaag dan is dit duidelik dat die beskuldigdes sal vir die mense uit Tumahole sê wie hier getuig het. Ek kan hulle nie keer nie. 'n Mens moet prakties wees ook.

MNR. FICK: Dit is so, maar die getuie bly steeds vir die Hof sê dat hy kan met meer vrymoedigheid getuig as hy in camera getuig, want hy vrees vir sy lewe, hy kry anonieme oproepe dat hy kan ge-"necklace" word. Ek vra die Hof om ter wille van ...

HOF: Vertel vir my 'n bietjie van die anonieme oproepe wat u (10) gekry het? Vertel my 'n bietjie van die oproepe wat u gekry het? -- Ja, ek kry gereeld oproepe. Dit is omtrent die tweede week hierdie waar ek gesê word dat ek ge-"necklace" gaan word as ek vandag hier kom getuig en nie net ek nie, ek my huisgesin, my kinders, almal op daardie perseel. Ek vrees vir ons lewe.

HOF: Wat is die artikel? 153?

MNR. FICK: 153.

HOF: Ja, ek sal vir tien minute verdaag. Bly maar net daar sit.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

HOF AAN IN CAMERA-GETUIE: Ek wil u nog 'n paar vrae vra. Is (20) dit so dat u winkel afgebrand is al? -- Dit is so.

Hoe lank gelede was dit? -- Dit was 15 of 17 Julie 1984.

En sedertdien? -- Die slaghuis was op daardie selfde dag geplunder. Ek het dié reggemaak, laat regmaak en dié is weer in Maartmaand verlede jaar afgebrand. Hulle het tot by my huis gegaan en daar met klippe gegooi, maar die polisie het gehelp.

En die oproepe, is dit nou twee weke wat u oproepe kry? Is dit van dieselfde persoon of van verskillende persone? -- Van die stemme af kan ek sê dit is verskillende persone, maar dit is naamloos. (30)

U sê u sal beter op u gemak wees as u getuig in camera? --

Asseblief.

HOF: MY BEVEL IS DAT HIERDIE GETUIE SY GETUIENIS IN CAMERA SAL AFLÊ.

Skryf u volle naam op die papier, asseblief, en dit sal getuie nr. 17 wees.

Gaan u in Afrikaans getuig of gaan u in Engels getuig of gaan u in u eie taal getuig? -- In Afrikaans.

IN CAMERA-GETUIE NR. 17 v.o.e.

HOF: U kan sit tydens u getuienis. -- Dankie.

MNR. FICK: U Edele, die Staat wil net een aspek opklaar, die (10) dokument en koevert wat die Staat opgegee het, is dit nodig om dit te nommer?

HOF: Nee.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK: Hoe oud is u nou, meneer? -- Ek is 69 jaar oud.

U was 'n lid van die Gemeenskapsraad. -- Ek was.

In Tumahole. -- Ek was.

Van wanneer af was u lid van die raad? -- Dit is jare terug. Dit is vanaf die tyd van adviserende raad.

Dit het later geword 'n Gemeenskapsraad. -- Dit is reg. (20)

En dit het later geword wat? Administrasieraad? Of watse raad ...

HOF: Nee, Gemeenskapsraad het nooit 'n Administrasieraad geword nie.

MNR. FICK: U het op 'n stadium in 1984 bedank as raadslid, is dit korrek? -- Ek het.

HOF: Die pers word meegedeel dat die voorwaardes geld soos by alle vorige in camera-getuies, dit wil sê dat daar niks gepubliseer word wat die naam van hierdie getuie bekend maak nie of identiteit nie. Gaan voort. (30)

MNR. FICK: Kan u aan die Hof meld, Tumahole, vorm dit deel van 'n ander/..

n ander raad of is dit n raad op sy eie? -- Dit is n raad op sy eie.

Gedurende 1984 was daar besluit op verhogings van tariewe, is dit korrek? -- Dit is korrek.

Eerstens, wat was die verhoging waarop besluit was, hoeveel sou die verhoging wees? -- As ek moet verduidelik, dit kom uit die begroting uit. Dit is nie net n som geld wat ons gesê het moet verhoog word nie, maar soos jy werk met die begroting dan kom jy uit - die som was omtrent R10.

Is dit per maand? R10 per maand? -- R10 per maand. (10)

Kan u aan die Hof aandui wat is hierdie R10, wat is verhoog? Is dit huurgelde wat verhoog is, is dit watertariewe of wat het hierdie R10 per maand-verhoging meegebring? -- Laat ek begin met salarisse. Die salarisse het hoër geword, die water het meer gekos, die ligte is duurder, elektrisiteit, verwydering van nagvullis en die verwydering van die as in die lokasie, ensovoorts.

Dan wil ek verder by u verneem, wanneer sou hierdie verhoogde tariewe in werking tree? -- Vanaf 1 Julie in daardie jaar.

1984? -- 1984.

Nou wil ek by u vasstel, voor daar besluit is op hierdie (20) verhoging, was daar enige vergaderings gehou met die gemeenskap om hulle in te lig omtrent die verhogings of was daar nie sulke vergaderings nie? -- Daar was vergaderings gehou in die verskillende wyke.

Het uself so n vergadering gehou of bygewoon? -- Ek het nie.

Kan u net aan die Hof aandui waarom het u nie een gehou nie? -- Dit het gebeur gedurende my siekte. Ek was siek vir n lang tyd en ek kon net nie die geleentheid kry om die mense bymekaar te kry nie.

Kan u aan die Hof aandui was daar enige organisasies in (30) 1984 gewees wat in Tumahole bestaan het, wat vergaderings daar gehou/..

gehou het in die Swartwoongebied? -- Tumahole Student Association or Organisation, Civic Association, Pro-Humanism en nog 'n ander een. Wag, ek sal hom netnou kry.

Nou eerstens hierdie vergaderings of organisasies, het u enige van hulle vergaderings bygewoon self? -- Nee.

Het u enige pamflette of plakkate van hierdie organisasies gesien in Tumahole self? Van vergaderings wat hulle hou? -- Ons het pamflette gesien wat verstrooi was in die lokasie en wat gesê het die mense moenie hulle huishuur betaal as dit nie afkom tot R18 nie. (10)

HOF: Van wat af? Moes afkom na R18. Wat was dit dan? -- Dit was 'n bietjie meer as R26.

Sonder of met die R10 by? -- Hy sou opgegaan het met R10.

Na R36 toe? -- Ja.

MNR. FICK: Kan ons net een ding duidelik kry, hierdie pamflette wat daar in Tumahole versprei is wat sê dat die huur moet afgaan na R18 toe per maand, die mense moenie betaal tensy dit afgaan na R18 per maand nie, was dit versprei voordat die verhoging van R10 per maand in werking getree het of is dit daarna of in dieselfde tyd versprei? -- Dit is voor dit in werking getree het. (20) Dit het nog nooit in werking getree in werklikheid nie.

Nou wil ek vir u so vra, hierdie pamflette wat u van praat in verband met die eis dat die mense nie huur moet betaal alvorens die huur verminder word na R18 toe nie, was dit versprei nadat dit bekend geword het hierdie verhoging van R10 per maand, of was daar nog nie sprake van die verhoging van R10 per maand nie? -- Nadat dit bekend was.

Dan wil ek by u verneem, hierdie pamflette wat u van praat wat hierdie eis gestel het vir die verlaging van die huur, kon u op die pamflet sien wie dit uitgegee het? -- Hulle was altyd naamloos. (30)

Nou, as/..

Nou, as u praat van naamloos bedoel u daar het nie 'n persoon se naam gestaan nie of was daar nie 'n organisasie se naam nie? -- Daar was nie 'n naam van 'n organisasie nie ook nie 'n persoonsnaam nie.

Voor Juliemaand 1984 was daar in die gemeenskapsaal 'n vergadering belê? -- Daar was 'n vergadering belê met ons raad en hierdie verskillende organisasies.

Dan wil ek by u vasstel wie het besluit daar moet so 'n vergadering tussen die raad en hierdie organisasies plaasvind? Het dit van die raad gekom of het dit van die organisasies gekom of (10) hoe het die ding gewerk? -- Die organisasies het gevra om die raad te ontmoet.

Kan u aan die Hof aandui welke organisasies was by die vergadering verteenwoordig? -- The first one is Tumahole Students' Association.

Kan u aan die Hof aandui of hy verteenwoordig was deur 'n spesifieke persoon of persone? -- Die leier daarvan was 'n sekere Skosana.

Behalwe dan die Tumahole Students' Association wat u van praat watter organisasie was nog daar? (Tussenbeide) (20)

HOF: Was net Skosana daar van Tumahole Students' Association of was nog ander daar van Tumahole .. -- Daar was andere maar ek onthou nog die naam van Skosana. Civic Association, Mabena.

MNR: FICK: As u praat van die Civic Association, is dit Tumahole se Civic Association of 'n ander een? -- Tumahole Civic Association.

Was hy verteenwoordig deur 'n persoon wat u noem Mabena? -- Mabena. Hy is hulle voorsitter.

Was hy die enigste persoon .. (tussenbeide)

HOF: En nog ander? Net Mabena of nog ander ook? -- Daar kon (30) ander gewees het, maar ek ken net vir Mabena.

MNR. FICK: U praat van Tumahole Students' Association. Ons weet van Tumahole Students' Organisation. Weet u of dit dalk "organisation" is wat u nou .. -- Ja, ek dink ek maak 'n fout. Dit is Students' Organisation. DSO.

DSO? -- DSO.

Behalwe nou hierdie twee organisasies was daar nog organisasies op hierdie vergadering teenwoordig? -- Die een was Pro-Humanism, Marepa was die man wat daarvoor gestaan het.

HOF: Marepa? -- Marepa. Dan is daar die vierde een .. Hey.

MNR. FICK: Hy bly jou ontgaan. Daar was 'n vierde organisasie en u kan hom steeds nie onthou nie. -- Ja, ek sal hom kry. (10)

HOF: As u terugkom kan u my maar netnou vertel. Hierdie Pro-Humanism, watse soort organisasie is dit? 'n Kerklike organisasie of watse soort organisasie? -- Dit is - hulle neem deel in kerklike aktiwiteite asook lokasie-aktiwiteite.

MNR. FICK: Aktiwiteite van die gemeenskap? -- Van die gemeenskap.

Hierdie organisasies wat daar verteenwoordig was by hierdie vergadering met die Gemeenskapsraad, het hulle enige eise gestel op die vergadering? -- Hulle vernaamste eis was dat huurgeld moet afkom tot R18 toe, en dat as dit nie afkom tot R18 toe nie sal hulle die inwoners sê om dit nie te betaal nie. (20)

HOF: Is daar enige rede gegee waarom dit juis R18 moet wees en nie R16 of R10 of niks rand nie? -- Ons weet nie hoekom R18 juis nie.

MNR. FICK: Was daar van die raad se kant verduidelik waarom die verhoging nodig was of wat was die raad se houding op die vergadering? -- Die raad het probeer om te verduidelik waarvoor was die R18. Soos ek gesê het daar is dienste wat gelewer word daarso, daar is salarisse, daar is dinge soos water en (30)

elektrisiteit/...

elektrisiteit wat daar aangekoop moet word.

HOF: Het u verduidelik waarvoor die R18 is of waarvoor die R26 of R36 is? -- Ons kon nie verduidelik die R18 nie, want dit het gekom van hulle af, maar ons as raad het gesê dit is as gevolg van die uitwerking van die begroting, dat ons gekom het tot by R36.

MNR. FICK: Van die organisasie se kant is daar verduidelik waarom wil hulle 'n verlaging hê? Vergeet nou maar na R18 toe, maar waarom hulle 'n verlaging wil hê? -- Hulle het net gesê die mense betaal te veel en hulle salarisse as werkers in (10) die dorp laat dit nie toe nie.

HOF: Op hierdie stadium was julle huur R26? -- Was R26.

Hoe lank vantevore was dit R18 gewees? -- Nee, hy was nog nooit R18 nie. Hulle het gesê hy moet afkom tot R18 toe.

Maar nou ek neem aan dit is van tyd tot tyd verhoog. Op hierdie stadium toe dit R26 was, hoe lank vantevore was dit in die omgewing van R18? Kyk, dit het seker elke jaar of wat 'n bietjie opgegaan? -- Ja, dit het, maar ek kan nie onthou toe dit R18 was nie.

MNR. FICK: Kan ons vir u so vra, was daar elke jaar 'n verhoging in die tarief of was daar party jare wat verbygegaan het (20) dat daar geen verhoging was nie? -- Daar was - feitlike elke jaar was daar 'n verhoging as gevolg van inflasie en al daardie dinge.

U Edele, ek weet nie, ek sien dit is 15h00.

HOF: Ja, ons kan die verdaging nou neem.

MNR. FICK: U Edele, kan die Staat net op hierdie stadium terwyl die - mag die getuie verskoon word intussen, dat hy kan uitgaan ..

HOF: U mag uitgaan, asseblief.

MNR. FICK: Die Staat wil net aan die Hof meld dat die vol- (30) gende twee weke gaan ons probleme hê met getuies, nie as gevolg

van ons eie skuld nie, maar as gevolg van die feit dat meeste van die getuies wat die Staat roep is polisiebeamptes en die volgende twee weke is polisie-eksamens en ons skakel landwyd om die mense te kry en al antwoord wat ons kry van die offisiere is dat die mense skryf eksamen. So ek wil net op hierdie stadium aan die Hof meld wat dalk volgende week kan voorlê en die week daarop, maar ons probeer om mense hier te kry en daarom het ons ook 'n probleem om vir My Geleerde Vriend vooraf te sê watter getuies ons gaan roep. Ons het byvoorbeeld gisteraand hier van die kantoor af geskakel, getuies, om hier vandag by omdat ons nie weet wie kan ons kry nie, wie skryf eksamen.

HOF VERDAAG TOT 1986-05-29.

HOF HERVAT OP 29 MEI 1986.

MR BIZOS : My Lord, accused no. 9 has been taken to the hospital. He is absent and we ask that we proceed in his absence. Also at 13h15 today an appointment has been made subject to Your Lordship allowing accused no. 3, Reverend Moselane, to go to an eye specialist. An appointment has been made for 13h15.

COURT : That is so arranged. We will continue in their absence.

IN CAMERA GETUIE NR. 17, nog onder eed (10)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Meneer, gister, tydens die verdaging was ons by die vergadering wat plaasgevind het in die Gemeenskapsaal tussen die raadslede en sekere organisasies. Ek dink ons het geëindig met die getuienis waar u gesê het dat die mense van die organisasies het gevra dat die huurgelde moet afgebring word na R18,00 per maand. Nou wil ek by u vra, het hulle enige eise gestel of enigiets gevra in verband met die raadslede self, die verteenwoordigers van die organisasies? -- Voor ek dit antwoord, sal u my toelaat om net iets by te voeg by wat ek gister gesê het in verband met hierdie (20) organisasies?

Sekerlik? -- Ek het Tumahole Student Organisation genoem. Ek het Parys Civic Association genoem. Ek het Prohumanism genoem en die vierde een is UDF.

Kan ek u so vra, die vierde organisasie wat u nou van praat, UDF, was dit ook verteenwoordig op hierdie vergadering met die 4raadslede? -- Hy was.

As u sê hy was verteenwoordig, kan u vir die Hof sê deur wie was hy verteenwoordig? -- Deur 'n sekere Skosana.

HCF : Is dit dieselfde Skosana wat die TSO verteenwoordig (30) het of is dit 'n ander Skosana? -- Dit is dieselfde man.

... / MNR. FICK

MNR. PICK : Kan ons terugkom na die eise wat die mense gestel het wat ek u oor gevra het. Behalwe die eis dat die huur moet afkom na R18,00 toe, is daar enige eis gestel in verband met die raadslede self? Is daar oor die raadslede gepraat? -- Nee, hulle het nie eise gestel aan die raadslede nie.

Het hulle enigsins aangedui of hulle ontevrede is oor enigiets in verband met die bestuur van die woongebied? -- Hulle was ontevrede. Eerstens het hulle gesê die raadslede verteenwoordig nie die inwoners nie. Dan het hulle net gepraat oor die gelde, die huur. (10)

Kan u dalk meer uitbrei op die bewering van die verteenwoordigers van die organisasies op die vergadering dat die raadslede nie die mense verteenwoordig nie? Het hulle gesê hoekom sê hulle so of waar kom hulle daaraan? -- Ek kan regtig nie sê nie, want die raadslede was gekies in 'n wettige verkiesing wat gehou was.

Kan ek u dalk so vra, net duidelikheidshalwe, het hulle nie van hulle kant af enige motivering gegee of rede gegee hoekom sê hulle die raadslede verteenwoordig nie die mense nie? -- Nee. (20)

En in verband met die eis dat die huur afgebring moet word na R18,00 toe, is daar enigiets verder gesê in verband met hierdie eis van die vermindering van die huurgeld, wat sal gedoen word as dit nie verminder word nie? Is daar daarvoor gepraat of is daar nie daarvoor gepraat nie? -- Hulle het net gesê as die huurgeld nie verminder word nie, moet die inwoners dit nie betaal nie.

Kon u, die Raad nou, en die verteenwoordigers van hierdie organisasies, enige vergelyk tref op die vergadering in verband met die huurgelde? -- Ekskuus? (30)

HOF : Het julle ooreengekom die huur moet verminder word? --

... / Nee

Nee, nie saam met ons nie. Ons het nie ooreengekom nie, want ons het ons bepaal by die begroting.

MNR. FICK : Het u volstaan by die feit dat u gesê het die huur moet verhoog word na die R36,00 toe? -- Ja, ons het dit verduidelik, hoe dit so gekom het. Dit is al wat ons kon doen. Ons kon hulle nie oortuig om dit te betaal nie, maar ons het gesê so het dit gekom.

Het die verteenwoordigers van die organisasies die verduideliking aanvaar? Was hulle tevrede daarmee of is die vergadering ontevrede uiteen? -- Hulle was geheel en al ontevrede. (10)

Ons gaan dan na 'n volgende datum toe. Op 'n Sondag, 15 Julie 1984 was u op pad vanaf u besigheid na u huis toe. -- Dit is so.

HCF : Is u besigheid in Tumahole en u huis ook in Tumahole? -- Die huis is in Tumahole en die besigheid is ook in Tumahole.

MNR. FICK : Het u meer as een besigheid in Tumahole op daardie stadium gehad? -- Ek het 'n supermark en 'n slaghuis, maar nie op dieselfde perseel nie.

Van waar af het u huis toe gegaan? Vanaf die supermark of vanaf die slaghuis? -- Vanaf die supermark. (20)

Was dit die oggend, die middag of die aand? -- Dit was om en by 10h00.

U ry toe na u woning toe en wat sien u gebeur? -- Ek het 'n groot skare mense gesien staan. Dit was grootmense en jeugdiges. Tussen hulle en my besigheid het daar 'n paar polisievangwaens gestaan.

HOE : U was op pad van die supermark na u huis toe? -- Dit is reg.

Het u dan by die slaghuisbesigheid hierdie ding gesien? (30)
-- Nee, ek het dit gesien op pad huis toe.

By watter besigheid? -- Vanaf die supermark.

Ja, maar waar het u die mense gesien staan? -- Hulle was so omtrent 500 treë van die supermark af, op die teerpad.

En tussen hulle en die supermark staan die polisie? -- Dit is reg.

MNR. FICK : Wat het u gemaak toe u die mense daar sien en die polisie? -- Ek het 'n ompad gery huis toe.

U het nie gestop daar en vasgestel wat aangaan nie? -- Nee, glad nie.

U is toe inderdaad na u huis toe? -- Ja, ek is toe (10)
somer dadelik huis toe.

U het 'n waarskuwing van die polisie ontvang dat dit vir u eie veiligheid beter sal wees as u u huis verlaat? Is dit korrek?

HOF : Is dit nou voor die gebeure of na die gebeure of op dieselfde dag? --

MNR. FICK : Daardie selfde dag. -- Dit is op dieselfde dag.

HOF : Het hulle vir u gesê "Kyk, jy beter padgee van die huis af"? -- Ja, hulle het gesê die mense is baie kwaad vir my, ek beter maar weggaan na 'n ander plek toe. (20)

MNR. FICK : U en u gesin is toe weg van u huis af en u het daardie aand geslaap in Vredefort en die volgende dag is u Bloemfontein toe? -- Bloemfontein toe.

Terwyl u in Bloemfontein was het u in 'n koerant berigte gelees in verband met die voorvalle by Tumahole. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

U het toe besluit om êrens heen te gaan nadat u die berigte gelees het? -- Dit is korrek.

Waarheen is u toe? -- Ons is dadelik Johannesburg toe na biskop Tutu se huis te Beverley Hills. (30)

Het u toe daardie dag vir biskop Tutu te woord gestaan of

... / het

het hy u te woord gestaan by sy huis? -- Hy het.

Wat het u met biskop Tutu gepraat by sy huis? -- Ek het vir hom gesê ek het gesien dat hy kommentaar gelewer het oor die gebeure in Parys op Sondag. 'n Sekere lid van die UDF het ook kommentaar gelewer. Ek het vir hom gevra of hy nie 'n afspraak kan reël met die UDF dat ons hoor wat het ons gesondig nie.

Gaan voort? -- Toe het hy my gevra waarom gaan dit. Toe vertel ek vir hom van die brandery by my plek die Sondag. Toe sê hy - ek kan net sê ons was vergesel van my dogter (10) Susan, 'n vriend, Alexander Twai en ek en my vrou. Ons was vier. Toe het hy gesê ons moet die volgende dag, die Donderdag, by Khotso Huis wees. Dit is in De Villiersstraat, Johannesburg.

Die volgende oggend? -- Die oggend om 09h00.

Kan ons net een aspek duidelik kry. U sê u het vir biskop Tutu gesê dit is in verband met die brandery van u plek. U het intussen telefonies vasgestel dat daardie Sondag is van u besighede gebrand. Is dit waarom u praat van die brandery van u plek? -- Verskoon my?

HOF : Laat ons nou net die verhaal kry soos dit is. Ons is(20) nou besig met biskop Tutu. Laat ons dit eers kry. Ons kan later terugkom na hierdie goed toe. Dit word totaal deurmekaar. U het ons nou vertel van die afspraak Donderdagoggend om 09h00 by Khotso House. Gaan nou voort en vertel ons u storie. -- Donderdagoggend 09h00 was ons by Khotso Huis - Khotso House.

MNR. FICK : Was dit u, u eggenote, u dogter en mnr. Twai? -- Dit is reg.

U is nou by Khotso House. Wat gebeur toe? -- Ons het vir hulle het ons geneem na biskop Tutu se kantoor. Hy was (30) daar. Hy het toe uitgegaan om die lede van die UDF te gaan

... / roep

roep. Hy het teruggekom saam met 'n sekere Terror Lekota en Popo Molefe, die algemene sekretaris van die UDF destyds. Hy het ons aan die mense voorgestel. Hy het hulle ook aan ons voorgestel. Ek het gevra vir 'n afspraak. Nou kan ek voortgaan en verduidelik wat is my probleem, wat is my moeilikheid. Ek het vir hulle gesê dat ek gesien het in die koerant dat hulle kommentaar gelewer het, hy, biskop Tutu, het kommentaar gelewer en Terror Lekota het ook kommentaar gelewer in die koerant. Ek is oortuig hulle dra kennis van die gebeurtenis daar. Ons het nou gekom om te hoor wat het ons gesondig. Terror Lekota was die eerste een wat opgestaan het om te verduidelik. Hy het gesê ons is besig om ons mense kwaad te maak, die Swartmense, daar ons met die "system" gewerk het. Die "system" van die regering gewerk het, ek as lid van die Gemeenskapsraad. Hy het verder gesê hulle is 'n organisasie wat teen die regering is. Eerstens oor apartheid, die beleid van apartheid, tweedens die algemene verkoopsbelasting en derdens die hoë huur van die persele in die lokasie. Ek het gevra maar wat het dit met my te doen? Hoekom het die mense my plek kom afbrand? Toe het hy gesê die mense het gesien - hulle het geweet ek werk saam met die "system". Hulle het my gebou daar gesien staan. Hulle het gevoel hulle kan hulle frustrasies uithaal op daardie gebou.

Net duidelikheidshalwe, wie het dit gesê?

HOF : Hierdie Terror Lekota? -- Ja.

MNR. FICK : Gaan voort. -- Toe het ek aan hulle verduidelik ek het probeer om dinge van binne af te verbeter. Dit is waarom ek aangesluit het by die Gemeenskapsraad. Toe het biskop Tutu gesê die skare redeneer nie so nie. Hulle redeneer heeltemal anders. Terror Lekota het nog gesê dat hulle besig was met 'n vreedsame optog deur Tumahole, saam met die inwoners.

... / HOF

HOF : As u sê dat hulle besig was saam met die inwoners met 'n optog, wie was saam met die inwoners? -- Ekskuus?

Wie was besig met die optog? -- Die inwoners, die kinders en die ouers was besig met 'n optog deur die lokasie, maar wat hulle wild gemaak het, was toe die polisie met traangas skiet. Toe het biskop Tutu oorgeneem. Hier moet ek verduidelik. Hy het probeer verduidelik, aan my verduidelik hoe dat die skare dink, maar ek kon dit nie mooi volg nie. Toe het ek gevra maar wat moet ek nou doen dat hierdie mense moet ophou om my te vervolg, want hulle het my supermark afgebrand, hulle (10) het oorgegaan na my slaghuis toe en dit geplunder, die deur afgeruk, die geld gevat, eintlik die hele "till" gevat, vleis, "stainless steel" borde, potte. Toe het hulle gekom na die huis toe. Hulle het daar gegooi met klippe, maar die polisie het dit gou raak gesien en hulle weggejaag. Die skade was al gedoen. Toe het biskop Tutu gesê vir solank as wat ek aangaan om my mense, die Swartmense, kwaad te maak, sal hy nie by magte wees om vir hulle te sê hulle moet ophou nie. Die enigste voorwaarde was gewees, ek moet dadelik bedank as raadslid. Hy het gesê hy sal die pers inroep, die mense van die koerante (20) inroep en ek sal vir hulle - voor hulle 'n verklaring moet maak dat ek bedank. Hy het gewag vir my antwoord. Toe het ek vir hom gesê dit is vir my moeilik. Ek het saam met die administrasie gewerk. Ek moet die hoofdirekteur eers laat weet van hierdie dinge. Ek moet die takbestuurder ook ken in hierdie saak. Ook die voorsitter van die Raad. Ek het dus gevra dat die pers nie onmiddellik ingeroep word nie. Toe het hy gesê voor ek bedank het, sal hy nie die mense bel en sê hulle moet ophou om my te vervolg nie. Voor dit het Terror Lekota gesê hulle werk saam met die leiers van die gemeenskap van Parys. (30) Hulle skakel mekaar gereeld. Hulle het daardie oggend ook

nog met 'n sekere Mosepedi gepraat.

Wie was Mosepedi? -- Mosepedi is 'n lid van die UDF. Hy is die groot man van die UDF. Hy was beskryf daardie dag as 'n verantwoordelike man. Hy werk vir SAFFAS Onderneming - SAFFAS Ondernemers.

MNR. FICK : Wat het toe gebeur? -- Toe het biskop Tutu gesê hy gee my kans dat ek teruggaan en as ek daardie besigheid klaar afgehandel het met die mense wat ek genoem het daar, kan ek hom bel as ek wil. Dan sal hy die mense, die manne van die koerante afstuur na my toe om 'n verklaring te neem.(10) Ek het die volgende dag die hoofdirekteur van die Administrasie, Lekoa Administrasie, gebel en verduidelik wat gebeur het. Dat ek geen keuse het nie. Ek sal moet bedank. Ek het die takbestuurder daarna gaan sien en ook aan hom verduidelik. Ek het die voorsitter gesien. Ek het vir hom gesê wat het gebeur en ek het vir hulle almal gesê ek bedank. Hulle wou dit eers nie aanvaar nie, maar hulle moes. Toe het ek vir biskop Tutu gebel en gesê dat ek bedank het. Toe het hy gesê goed, hy sal die leiers bel en vir hulle sê hulle moet ophou om my te vervolg en Terror Lekota sou die volgende dag afge-(20) gaan het Bloemfontein toe en hy sou ook daar aandoen in Parys en hy sou ook met hulle praat. Biskop Tutu het vir my gesê hy stuur die koerantmanne af. Die man van die Sunday Times het gekom. Die man van die Rand Daily Mail het gekom. Hulle het op verskillende tye gekom. Die man van die Star het gekom. Die man van die City Press het gekom en die man van Mirror het gekom. Hulle het elkeen 'n verklaring van my geneem. Hulle het kiekies geneem van die plek en ek het daar gestaan.

Watter plek het hulle foto's van geneem? -- Die supermark.

Wat se verklarings het u gemaak aan die mense? Net dat(30) u bedank het? Het u enige redes gegee of wat het hulle vir u

gevra, wat se verklarings moes u maak? -- Ek het verduidelik hoe dat die mense my plek afgebrand het en vir hulle gesê dat die enigste oplossing nadat ek by Khotso Huis was, volgens biskop Tutu was dat ek moet bedank en ek het bedank.

Net volledigheidshalwe, nadat u hier was by Khotso Huis, het u teruggegaan na u huis toe en het u gesien u huis was gebrand - die supermark? -- Ek het.

Was hy heeltemal afgebrand? -- Hy was kompleteet, heeltemal afgebrand tot op die fondasie.

Die slaghuis, was hy beskadig? -- Hy was baie beskadig, (10) maar hy was nie afgebrand nie. Hy was net gegooi met klippe, oopgebreek, ingegaan en geplunder.

U woonhuis, was hy beskadig? -- Hy was beskadig net aan die agterkant. Daar het hulle die ruite stukkend gegooi met klippe.

Het u enige van die besighede weer reggemaak of opgebou? -- Ek het die slaghuis reggemaak, maar 23 Maart het hulle weer teruggekom en die slaghuis afgebrand.

HCF : Watter jaar was dit? -- 1985.

Is dit toe afgebrand? -- Hy is afgebrand. 'n Deel daar-(20) van was afgebrand, nie die hele gebou nie.

MNR. FICK : Is hy intussen weer reggemaak? -- Ek het dit weer reggemaak.

HCF : En die supermark, het hy maar so bly lê? -- Hy het so bly lê. Hy lê nou nog so.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kan u onthou dat in 1984 die huurgeld R38,00 per maand sou gewees het na die verhoging? -- Ja, om en by R38,00. R37,00/R38,00.

Wat was die huurgeld voorheen, voor die verhoging? -- Die geld was R26,00 iets. (30)

Is die huurgeld elke jaar verhoog? 1982, 1983? Is dit

... / elke

elke jaar verhoog? -- Ek sal nie sê elke jaar nie, maar dit het min of meer jaarliks opgegaan.

Was u Raad en die Administrasie van plan om die huurgeld vanaf 1 Julie 1984 tot R38,00 te verhoog? -- Dit is reg.

Weet u of enige van die verhogings van die huurgeld in die Staatskoerant gepubliseer was of nie? -- Ek weet nie. Ek weet regtigwaar nie. Ek het dit nie gesien in die Staatskoerant nie.

Weet u of die verhogings wat wel plaasgevind het gedurende 1983, 1982, 1981 of 1980 in die Staatskoerant gepubliseer (10) was of nie? -- Ek weet nie.

Dra u kennis van die feit dat dit beweer was dat omdat die verhogings van die huurgeld nie gepubliseer was nie, die verhoging nie geldig was nie? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Is dit nie in u gemeenskap so gesê nie? -- Herhaal, asseblief?

Is dit nie in Tumahole deur die mense gesê dat die verhogings ongeldig is omdat hulle nie gepubliseer is nie? -- Deur watter mense? (20)

Mense wat daar woon? -- Nee, ek het nog nie gehoor die mense dit sê nie.

Kan u onthou by die vergadering wat in 1984 gehou was, of daar enige dokument voor die vergadering van die verteenwoordigers van die mense in die Raad was? -- Al wat ek onthou is dat die mense wat gepraat het, een van hulle was Molekwane, 'n papier gehad het wat gesê het dit was die vorige begroting gewees en dit en dat is nie gedoen nie, maar dit staan op die dokument.

Kan u onthou dat die mense wat beswaar gehad het teen (30) die verhoging van die huurgeld met dokumente daar gekom het

en gesê het byvoorbeeld "Ons is gesê dat die huur verhoog sal word met soveel gedurende 1982, byvoorbeeld paaie. Ons het die verhoging betaal, maar daar is niks gedoen in verband met die paaie nie." Kan u dit onthou? -- Ek kan onthou dat hulle dit gesê het in verband met die verwydering van die nagvullis, die nuwe skema.

Maar wat van die paaie? -- Nie die paaie nie.

Het enige van die huise te Tumahole elektrisiteit? -- Destyds of vandag?

In 1984? -- Daar is huise wat elektrisiteit gehad het. (10)

Hoeveel huise het elektrisiteit gehad? -- Ek weet regtig nie. Ek glo nie jy sal dit weet as jy nie daarmee werk nie.

Is enige van die paaie geteer? -- Daar is paaie wat geteer is.

Is daar baie paaie wat nie geteer is nie? -- Daar is baie paaie wat nie geteer is nie.

Weet u hoeveel huise in die geheel in Tumahole is? -- Ek weet nie hoeveel hulle nou is nie.

En weet u hoeveel van die huise deur die mense self gebou is en hoeveel van die huise deur die Raad gebou is, die (20) Ontwikkelingsraad? -- Ek weet daar is huise wat die mense self gebou het en ek weet daar is huise wat die Ontwikkelingsraad gebou het, maar ek kan nie die getal gee nie.

Ek wil dit aan u stel - of dit nou reg vir u klink of nie - dat daar 2,886 huise is, waarvan net 114 deur die Raad gebou was? Is u in staat om dit te erken of te ontken?

HOF : En as u bedoel Raad, bedoel u Gemeenskapsraad of Administrasieraad?

MNR. BIZOS : Die Ontwikkelingsraad.

HOF : Wat sê u van daardie soort verhouding? Daar is (30) 2,800 omtrent huise, daarvan is net 114 deur die Administrasieraad

... / gebou

gebou? -- Dit is moontlik.

MNR. BIZOS : Die groot meerderheid van die mense het hulle eie huise gebou so goed soos wat hulle kon in die omstandighede. Is dit reg? -- Dit is reg.

Kan u vir ons sê watter persentasie van die huise elektrisiteit in die huis het? Dit is in 1984. Hoeveel huise het elektrisiteit gehad? -- Dit is onmoontlik. As jy nie daar werk nie, kan jy die getalle nie ken nie.

Was u nie die burgemeester nie? -- Nee, die burgemeester was Pule. Ek was 'n gewone lid. (10)

Was u nooit burgemeester gewees nie? -- Ek was dit op een stadium.

Die klein aantal huise wat wel elektrisiteit het, weet u of die mense vir die installering van die elektrisiteit moes betaal? -- Ja, hulle moes self betaal vir die installering.

En as elektrisiteit in hulle huise geïnstalleer is, moes hulle ekstra betaal vir daardie elektrisiteit?

HCF : U bedoel 'n lopende koste?

MNR. BIZOS : 'n Lopende koste of weet u nie? -- Hulle moes vir die aansluiting en daarna vir die gebruik van die elektrisiteit. (20)

Wat van water? Watter persentasie van die huise het water gehad in 1984? -- Daar kan ek ook nie sê nie.

Weet u of dit 'n klein of 'n groot persentasie is? -- Dit was 'n klein persentasie.

Was daar net een kraan vir elke straat? -- Nee, dit is nie waar nie.

In 1984? -- In 1984.

Hoeveel krane was daar vir elke straat? -- Dit hang af van die lengte van die straat. (30)

Is daar 'n kraan vir elke blok? -- Daar was 'n kraan vir ... / elke

elke vier huise min of meer.

Nie vir elke blok nie? -- Nie vir elke blok nie.

Kan u onthou of die paaie wat nie geteer was nie geskraap was gedurende 1981/82 en 83? -- Definitief.

U sê hulle was geskraap? -- Hulle was jaarliks geskraap en gruis is opgegooi en opvullingswerk is gedoen.

En elke jaar is daar 'n dokument uitgegee "Ons sal die huurgeld verhoog en dit is wat ons sal doen met die geld"? Is dit wat gebeur het?

HOF : Hoe ver gaan u terug? (10)

MNR. BIZOS : Tot 1981.

HOF : Vanaf 1981 sê die advokaat is daar elke jaar 'n dokument uitgegee waarin gesê word "Dit en dit sal ons met die geld doen - met die verhoogde huurgeld doen." -- Ja, daar was 'n begroting elke jaar.

MNR. BIZOS : Ons weet dat daar 'n begroting was, maar was daar dokumente aan die mense uitgereik dat "dit is hoe ons die geld sou gebruik"? -- Nee, ek is nie seker daarvan nie. Ek verstaan ook nie die vraag duidelik nie.

Kan u onthou dat by die vergadering die mense wat nie (20) raadslede was nie, het met die dokumente gekom en hulle het vrae gestel. "In 1981 is dit gesê en dit is nie gedoen nie. In 1982 is dit gesê en dit is nie gedoen nie. In 1983 is dit gesê en nie gedoen nie." Kan u onthou dat dit die vrae was wat hulle aan die raadslede gestel het? -- Ek onthou.

En was hulle reg toe hulle uitgewys het dat daar beloftes in die dokumente gemaak was, maar dit is nie gedoen nie? -- Hulle was reg.

En hulle het ook die 1984 dokument daar gehad. I have copies of that. (30)

COURT : This will be EXHIBIT AAQ(37).

MNR. BIZOS : U sal sien daar staan "Information to all the residents of Tumahole."--Ja, ek sien dit.

U sal sien dat daar 'n bedrag van R3,62 is vir behuising.
-- Ek sien dit.

Het die mense gevra "Waarom moet ons R3,62 betaal as ons ons eie huise gebou het op grond waarvoor ons 'n taamlike groot bedrag betaal het om te besit?" Het hulle so gevra? -- Hulle het nie so gevra nie.

Hulle het nie so gevra nie? -- Nee.

Wel, ek wil dit aan u stel dat hulle gevra het, maar (10) lede van u Raad kon geen verduideliking gee nie? -- Op daardie tydstip het nie een van ons geweet wat word spesifiek betaal vir die grond en wat word hiervoor of daarvoor betaal nie.

U sê u as 'n lid van die Raad het nie geweet nie en as die vraag gevra was, kon u in elk geval nie 'n antwoord gegee het nie? -- Ek sê dit was nie gevra nie.

Ja, maar u sê u het nie geweet watter geld betaal was vir die grond nie? -- (Geen antwoord)

Verstaan u die vraag? -- Ek verstaan die vraag.

Het u enige ander antwoord as die een wat u nou reeds (20) gegee het? -- Al wat ek kan sê is, op 'n later stadium was dit duidelik gemaak dat die geld vir die grond is soveel en die geld vir die water is soveel en al daardie daardie goed. Op 'n later stadium het ons bewus geword van daardie verduideliking.

Het u geweet wat die toedrag van sake in u eie gemeenskap was in 1984? -- Die toedrag van sake? Wees meer spesifiek, asseblief?

In verband met die omstandighede waaronder mense die reg gekry het om grond te besit en 'n huis daarop te bou? -- Dit was vir my nie so duidelik nie. (30)

Het die mense wat die verteenwoordigers daar was gevra

... / "Waarom

"Waarom moet ons R8,45 per maand betaal vir paaie wat nie eers geskraap is nie en nie eers geteer is nie?" Het hulle sulke vrae gevra? -- Hulle kon dit nie gevra het nie, want die werk was gedoen gewees. Ek sal nie sê dit was in 1984 gedoen nie, maar dit was gereeld deur die jare gedoen.

Het een of ander van hulle gevra waarom moet hulle R8,45 vir die paaie betaal? -- Nie wat ek van weet nie.

Is dit miskien gevra en u kan dit nie onthou nie? -- Ek weet nie dat dit gevra was nie. Sover dit my betref, was dit nie gevra gewees nie. (10)

Sê u dat dit nie gevra was nie of kan u nie onthou of dit wel gevra is of nie? -- Dit is nie 'n kwessie van onthou wat my betref nie, want die werk was gereeld gedoen. Dit was net onmoontlik om so 'n vraag te vra, al was dit miskien nie in 1984 gedoen nie, maar die vorige jaar het die Administrasie die werk gereeld gedoen.

Laat ons 'n bietjie weggaan van die feit af of die werk gedoen was of nie. Of dit nou gedoen was of nie, het iemand gevra "Waarom moet ons R8,45 betaal vir paaie?" -- Niemand het die vraag gevra nie. Ek het dit al gesê. (20)

HOF : Was hierdie inligtingstuk, want dit is 'n inligtingstuk wat primêr gerig is aan die een kant aan die werkgewers en nie aan die inwoners nie en eers aan die ander kant inligting aan al die inwoners, was die inligtingstuk beskikbaar toe die vergadering gehou is? -- Nee, hy was destyds nie beskikbaar nie.

MNR. BIZOS : Wanneer was die vergadering? -- Dit was in Mei-maand, in Mei of Junie. Een van daardie twee maande.

Wanneer is die dokument uitgestuur? -- Ek kan hier nie mooi sien nie, maar ek dink dit was Julie.

Maar dit kon nie na die gebeurtenis uitgereik gewees (30) het nie? Dit moes voor die gebeurtenis uitgereik gewees het?

HOF : Dit sal nie so eienaardig wees as dit na die gebeurtenis is by 'n burokrasie nie.

MNR. BIZOS : Dit is heeltemal moontlik. Our information is that this side that I am referring to was sent out.

HOF : Nee, maar jy kan nie hierdie dokument net die een kant uitstuur nie. Die ander kant gaan daarmee saam.

MR BIZOS : That is why we produced it.

HOF : Maar hoekom sê u vir my net die een kant is uitgestuur?

MR BIZOS : Presumably, because the people who have given it to us, concentrated on that. (10)

HOF : U moet of stel dat die dokument uitgestuur is of nie uitgestuur is nie, maar jy kan nie net die een kant van hierdie dokument uitstuur nie.

MR BIZOS : I do not purport to do that.

Wat van water? Het iemand beswaar gemaak dat as jy na 'n kraan moet gaan om 'n emmer water te kry, dat R3,40 per maand te veel was? -- As iemand 'n emmer water gaan kry?

Ja, dit is die reg wat hy het. Hy het die reg om van tyd tot tyd na 'n kraan te gaan op die hoek van die blok om water te kry. Het iemand gesê dat R3,40 te veel sou wees (20) vir daardie reg? -- Nee, niemand het dit gesê nie. Eerstens, glo ek nie dat hierdie dokument was al by daardie vergadering nie. Ek dink die dokument was gedruk nadat daar moeilikheid begin uitbroei het daar by daardie plek.

Maar is julle nie gevra by die vergadering waarom moes die huurgeld van R26,00 tot R38,00 verhoog word nie? -- Ons is gevra.

En as die dokument nie beskikbaar was nie, kon julle die inligting aan die mense gee? -- Ons kon, want ons het kennis gedra van die begroting. Ons het dit nog op ons swartbord (30) gehad. Ons het gaan werk aan die begroting. So, ons het

... / daardie

daardie kennis gedra.

Het julle vir die mense gesê van die syfers wat op die dokument voorkom?

HOF : Nie wat op die dokument voorkom nie, van hierdie syfers?

MNR. BIZOS : Van die syfers. Het u vir die mense van die syfers gesê? -- Ek sal nie sê ons het syfer vir syfer vir hulle gegee nie. Ons het net gesê wat die verhoging volgens ons veroorsaak het.

Die R8,45 vir elektrisiteit, dit is nie die elektrisiteit wat die mense in hulle huise gebruik nie, maar dit is vir (10) die paar ligte wat in elke straat is? -- Dit moet seker so wees.

Het die mense nie beswaar gemaak dat so 'n groot bedrag net vir straatligte is nie? -- Ek maak beswaar, want ek sê dat hierdie dokument ten tye van daardie vergadering was nie daar nie. U bly vir my terugstuur na die dokument toe wat nie daar was nie.

Laat ons aanvaar dat die dokument nie daar was nie. Was daar 'n poging deur die raadslede om die mense te oortuig dat die R38,00 'n regverdige bedrag was? -- Daar was so 'n poging en dit is hoekom hulle my plek afgebrand het, want hulle (20) het gesê ek praat te veel, toe ek probeer het om te verduidelik.

Wat het u probeer om te verduidelik? -- Hoe dat die verhoging gekom het.

Is u verduideliking aanvaar? -- Hy is nie aanvaar nie. Laat ek die rekord net regstel daar. Dit was nie (meganiese defek) Dit was net daardie klompie mense. Dit kon miskien tien of twaalf gewees het wat hierdie organisasies verteenwoordig het. Dit was nie die inwoners van die lokasie nie.

Miskien is 'n deel van die moeilikheid dat u nie weet (30) wie hulle verteenwoordig het nie, maar in elk geval, in u

begroting, toe u by die vergadering was, het u geweet dat daar ongeveer R8,00 geëis was vir elektrisiteit? -- Ek sal nie nou die syfers uit my geheue kan kry nie, maar dit het daar gestaan op die swartbord en dit was 'n deel van ons begroting.

HCF : Was by die vergadering op 'n swartbord die begroting uitgewerk? -- Nee, die begroting was uitgewerk by ons vergadering, die vergadering van die Raad en ons het geweet, ons het probeer om te verduidelik aan die mense.

MNR. BIZOS : En het u geweet dat daar ongeveer R8,00 vir (10) elektrisiteit was? -- Ek sou geweet het.

Het een of ander van die mense daar gevra "Waarom moet ons R8,00 betaal vir elektrisiteit as ons nie elektrisiteit in ons huise het nie"? -- Dit is moontlik dat een van hulle dit kon gevra het.

Kan u onthou wat u moontlike antwoord was? -- Die moontlike antwoord was dat elektrisiteit duurder geword het en hy word deur almal gebruik wat die strate gebruik, want dit is straatligte.

Was dit die eerste keer wat 'n verhoging gevra was in (20) verband met straatligte? -- Dit was nie die eerste keer nie.

Het een of ander van hulle gesê "Daar was hoër mas beligting aan ons belowe met die verhoging op 'n vorige stadium van die huurgeld." Kan u onthou dat dit gesê was? -- Nee, daar was nie so 'n ding nie.

Probeer om nou mooi te onthou, want ek wil aan u stel dat daar net een so 'n lig geïnstalleer was en dit was deur SA Breweries gedoen? -- Dit is reg.

Het die mense nie gesê "Kyk, die betalings wat julle huurgeld noem, is verhoog in die vorige jare, daar is niks (30) gedoen nie en die enigste sodanige lig wat ons gekry het, is

... / deur

deur SA Breweries geïnstalleer" nie? Het een of ander van die mense so gesê? -- Nee en daar was ook nog nooit so 'n belofte nie.

Was daar nie 'n belofte vir sulke ligte nie? -- Nee.

Nie in die vorige dokumente wat voorheen uitgereik was nie? -- Nie wat ek gesien het nie.

Net om die volle storie te vertel, die lig is by die biersaal geïnstalleer? -- Kan ek 'n vraag vra?

Ja, seker. -- U praat van 'n belofte, van dokumente van 'n belofte. Ek weet nie of u onderskei tussen wat op die (10) begroting staan wat nie gedoen kon word vir die jaar nie of was daar 'n spesiale dokument uitgeskryf in daardie geval?

Daar is dokumente soortgelyk as dit wat ons nou het, AAQ(37) vorige jare, wat gesê het die huurgeld is verhoog vir die rede? U het so vir ons gesê. U het gesê dat die mense hierdie dokumente by die vergadering gehad het? -- Nee, ek het gesê hulle het ou dokumente by hulle gehad, waarin hulle spesifiek gesê het daardie ding en daardie ding is nie gedoen nie. Dit is wat ek gesê het.

En was die dokumente soortgelyke dokumente as AAQ(37)?(20) -- Min of meer.

En stem u saam dat die mense hierdie dokumente gebruik het om vrae te stel min of meer soos ek nou hierdie dokument gebruik om vrae aan u te stel? -- Hulle het.

En hulle het beweer, of dit nou 'n belofte was of nie, wat daarin geskryf was, is nie gedoen nie? -- 'n Paar van die dinge was nie gedoen nie. Nie alles nie.

Sal u saamstem dat die mense wat daar was, wat vrae gestel het, jongmense was? -- Hulle was jongmense.

En wat was u houding teenoor die jongmense? -- Ons (30) houding was gewees om aan hulle te verduidelik hoe dat die

... / verhoging

verhoging gekom het.

Kan u onthou of u en/of u raadslede enige respek gehad het vir die jongmense wat gekom het om die vrae aan u te stel in verband met die verhoging van die huurgeld? -- Die teenoorgestelde was die geval. Die Raad het eer gehad. Hulle het mooi probeer verduidelik, maar die lede het geskreeu "You are puppets, you are sell-outs and you are brain-washed by the Administration."

Kan u onthou of u gesê het by die vergadering dat daar geen rede vir die mense was om te kla nie? -- Dat ek gesê (10) het daar was geen rede nie?

Ja? -- Ek kan nie onthou dat ek dit gesê het nie, maar as ek dit gesê het, kon ek nie omgedraai het en gesê het daar was dinge wat nie gedoen was nie.

Kan u onthou of u gesê het dat die mense die griewe van die inwoners oordryf? -- Nee, ek het nie daardie woorde gebruik nie.

Kan u onthou dat u gesê het dat u besluit het om binne die sisteem te werk? -- Ek het gesê iemand anders het gesê ek werk binne die sisteem en ek het toegestem en gesê ons wou (20) dit verbeter van binne af.

Kan u onthou dat u gesê het dat as gevolg van u samewerking met die sisteem, het u genoeg brood en polonie by jou huis om die hele dorp te voed? -- Waar kom die dinge vandaan?

Ek stel dit aan u dit is wat u gesê het? -- In hierdie hof?

Nie in hierdie hof nie.

HOF : Wag net 'n bietjie. Die eerste stelling wat u nou aan die getuie gemaak het, is vatbaar dat dit gesê is op hierdie vergadering of dat dit gesê is met die samespreking met (30) biskop Tutu. Dit het baie geklink soos daar wat gesê is by

... / biskop

biskop Tutu. Die tweede ding wat u nou sê is natuurlik 'n heeltemal nuwe ding. U is besig om te praat van hierdie vergadering in Tumahole?

MNR. BIZOS : Ja, ek is nie by Khotso Huis nou nie.

HOF : Ons is nie by 'n ander geleentheid nie. In hierdie vergadering. Herhaal net daardie eerste stelling.

MNR. BIZOS : Dat as gevolg van die feit dat u binne die sisteem gewerk het, het u genoeg brood en polonie by jou huis om die hele dorp te voed? -- Dit is nie moontlik dat ek so 'n ding kan sê nie. Eerstens, kan ek so baie polonie in my huis ... (10)
(oorskakeling na nuwe kasset)

K303

HOF : Word dit gestel dat hy dit gesê of dat iemand anders dit vir hom gesê het?

MNR. BIZOS : Nee, dat hy dit gesê het.

HOF : Die advokaat sê dat by hierdie vergadering het u gesê "Omdat ek saam met die 'system' werk, daarom het ek genoeg brood en polonie in my huis om die hele lokasie kos te gee"? -- Dit is nie waar nie. Dit is glad nie waar nie.

MNR. BIZOS : Het een of ander van die persone wat daar teenwoordig was by die vergadering gevra as daar - hoeveel van (20) die huurgeld wat verhoog is vir die vuilgoedverwydering is? -- Nee, niemand het dit gevra nie.

Hoeveel keer per week is die vullis van die mense se huise verwyder? -- By party plekke is dit twee maal per week en dan gebeur dit dat hulle nie vir 'n tweede keer by die ander huise kan kom nie. Die lokasie het groot geword, uitgebrei.

In die algemeen is dit een keer per week? -- Ek sal sê twee keer per week. Dan bly daar miskien 'n paar huise wat hulle nie by kon kom nie.

Het u geweet, of die dokument daar was of nie, dat daar (30) ongeveer R10,00 per maand vir die doeleindes in die begroting

... / was

was? -- Ek dink daar was R4,00 op, maar ek kon dit nie ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Was daar vrae? -- (Geen antwoord)

Kan u onthou of daar vrae was of nie? -- Nee, daar was nie vrae nie.

Kan u onthou of enige van die mense wat daar gekom het die bedrae wat op die dokument was of aan die vergadering gegee was, vergelyk was met ander woonplekke, ander lokasies? -- Daar was definitief geen so 'n vergelyking nie. Dan het ek mos geweet. (10)

Sal u saamstem dat die mense wat daar was aan u oorgedra het dat volgens hulle mening die inwoners van die dorp baie ontevrede was met die verhoging van die huurgelde? -- Hulle het gesê hulle was ontevrede. Hulle verteenwoordig die mense. Hulle is ontevrede, want ek glo nie hulle het 'n vergadering gehou met die mense nie.

U sê dat die Civic Association is daar verteenwoordig? -- Ek het gesê die Civic Association se mense was daar. Daar was van hulle daar.

HOF : Is die ding se naam die Parys Civic Association of (20) die Tumahole Civic Association? Of het julle hom maar net genoem die Civic Association? -- Volgens my kennis, ek sal nie sê dit was Parys of Tumahole nie, maar ons het net geweet dit is 'n Civic Association. Ek was nog nooit daaraan verbonde nie.

MNR. BIZOS : Weet u wanneer die Civic Association gevorm is? -- Ek weet nie.

Ek wil aan u stel dat die Civic Association het nie eers bestaan toe die vergadering plaasgevind het nie?

HOF : Wanneer sê u is hy gevorm, mnr. Bizos? (30)

MNR. BIZOS : Daar is 'n ad hoc komitee gevorm na die vergadering ... / omdat

omdat die raadslede beweer het dat die jongmense nie die inwoners verteenwoordig nie.

HOF : Wat sê u daarvan? -- Ek weet hy was daar destyds. Mabena was die voorsitter.

MNR. BIZOS : Ek wil dit aan u stel dat mnr. Joshua Mabena nie eers by die vergadering was nie? -- Hy was nie by die vergadering nie, maar hy was die voorsitter.

Waarom het u in u hoofgetuienis gesê dat mnr. Joshua Mabena die Civic Association by hierdie vergadering verteenwoordig het? -- Ek het nooit dit gesê nie. Ek het gesê hy is die (10) voorsitter van die Civic Association.

U was gevra of daar 'n vergadering was en u het gesê ja, daar was 'n vergadering en die organisasies het gevra om die Raad te kom spreek en u was gevra watter organisasies en u het gesê Tumahole Civic Association. Sy Edele het vir u gevra wie het die organisasie verteenwoordig en u het gesê dit was Mabena. U het nie die eerste naam gegee volgens my nota nie. U het net van Mabena gepraat. -- Ek het gesê Mabena was die voorsitter van die Civic Association.

U het gesê dat Mabena het die Civic Association by (20) hierdie vergadering verteenwoordig. Nou dat ek aan u gestel het dat die Civic Association was nie eers gevorm toe die vergadering plaasgevind het nie, het u gesê dat hy nie daar was nie. Wat is die waarheid? -- Ek dink my woorde word hier verdraai.

Nee, ek wil u verseker ... -- Ek het nooit gesê Mabena was teenwoordig nie. Ek het gesê hy is die voorsitter.

Ek wil u verseker dat ek nie u woorde verdraai nie. Ek sal dit nie doen nie. Sy Edele en die aanklaer sal my nie toelaat om u woorde te verdraai nie. Ek wil weet waarom u dit gesê het in u hoofgetuienis? -- Ek het al gesê ek het (30) dit nie gesê nie. Ek het gesê Mabena was die voorsitter van

... / die

die Civic Association.

Wat sê u nou? Was die Civic Association by hierdie vergadering verteenwoordig of nie? -- Ek sê daar was lede van die Civic Association.

Ek wil vir u vra was die Civic Association by hierdie vergadering verteenwoordig of nie? -- Ek sê daar was lede van die Civic Association. Ek verstaan nie waar verskil die hele ding nie.

Volgens u, wanneer was die Civic Association in u gebied gevorm? -- Ek het gesê ek weet nie. (10)

As u sê dat Mabena nie by die vergadering teenwoordig was nie, wie was die persone wat u nou sê lede van die Civic Association was? -- Ek kan nie nou onthou nie, maar die mense het gesê die Civic Association is verteenwoordig.

Dit lyk vir my of u baie min kennis van die Civic Association het? -- Ek het geen kennis geheel en al nie. Ek weet net Mabena is die voorsitter. Verder dra ek geen kennis van die Civic Association nie.

Ek wil dit aan u stel dat Mabena nooit die voorsitter van die Civic Association was nie. Wat sê u van daardie stelling? -- Dan weet ek nie, want ons was altyd onder die indruk dat hy die voorsitter was. Ons het nog na hom toe gegaan om met hom te praat oor hierdie gebeure daar by ons plek. (20)

Miskien het u na hom toe gegaan, maar ek wil aan u stel dat Mabena nooit die voorsitter van die Civic Association was nie. Wat sê u van daardie stelling?

HOF : Sê u vir hom dat hy op die bestuur was of nie? Was hy miskien die onder-voorsitter of het hy niks met die Civic Association te doen nie?

MNR. BIZOS : Ek wil aan u stel dat mnr. Mabena 'n lid van (30) die komitee was, die intussen-komitee, maar toe die Civic

... / Association

Association gevorm is, was hy nie eers 'n lid van die komitee nie. Is dit nie so nie? -- Ek weet regtig nie.

Ken u mnr. Adam Mosepedi? -- Ek ken hom.

Is u in staat om te erken of te ontken dat hy die voorsitter die Civic Association was? -- Ek kan dit nie erken nie, ek kan dit nie ontken nie. Ek het nie geweet nie.

Mnr. Mabena was 'n lid van die Raad, nie waar nie? -- Hy was voorheen. Op hierdie tydstip was hy al uit die Raad uit.

Hoe het dit gekom dat hy uit die Raad is kortliks? -- Hy kon nie die stemme kry wat vir hom geregverdig was om lid (10) te word nie.

Hy het die verkiesing verloor? -- Verloor, ja.

Ek wil iets vir u vra. Het u in Septembermaand deel gevorm van 'n optog ... (Hof kom tussenbei)

HOF : September van watter jaar?

MNR. BIZOS : 1984.

HOF : In Tumahole?

MNR. BIZOS : In Tumahole.

HOF : In die strate?

MNR. BIZOS : Ja. Op 10 September. -- Verduidelik 'n bietjie (20) verder.

Ek het vir u gesê op 10 September 1984 in Tumahole.

HOF : Gee hom nou 'n bietjie meer. Miskien het hy kerk toe gestap daardie oggend saam met 'n klompie mense.

MNR. BIZOS : Die dag toe u 'n UDF hemp gedra het. Kan u dit onthou? -- Ek het nooit 'n hemp gedra nie. Ek was nog nooit saam met die UDF nie, maar die UDF het ons uitgenooi na 'n vergadering toe.

Het u deel gevorm van 'n optog op 10 September na die kantore van die Administrasieraad? -- Ek het nie deel gevorm (30) van 'n optog nie.

Het u miskien soontoe gegaan toe daar toevallig baie ander mense soontoe gegaan het? -- Ek was teenwoordig.

En ek wil vir u vra of u nou ontken dat u op daardie dag 'n UDF hemp gedra het of nie. Sê vir Sy Edele of u op daardie dag 'n UDF hemp gedra het of nie? -- Ons kan nou die mense gaan vra, die inwoners van Parys gaan vra, ek het 'n jas aangehad. Dit was vroeg die oggend. Ek het nie 'n hemp van UDF gedra nie. Ek sal nog nooit so 'n ding doen nie.

In elk geval, het u alleen na die Administrasiekantore gegaan of saam met baie ander mense? -- Ek het alleen soon- (10) toe gestap. Daar was baie ander mense. Laat ek verduidelik om die ding in die regte perspektief te stel. Ons het verstaan die hoofdirekteur sal ons daardie dag kom sê wat sy antwoord is op die huurgeld. Daar was baie mense wat soontoe gegaan het. Daar was nie 'n optog nie. Ons het net buite die kantore gestaan.

Het die direkteur op die dag daar gesê dat dit nie nodig sou wees om die verhoogde huurgeld te betaal nie? -- Ek kan daardie vraag nie antwoord nie. Daar was net 'n paar mense wat gestuur was om met die direkteur te gaan praat. Hulle het (20) nie vir ons gesê - hulle het teruggekom en gesê hulle wag nog vir 'n antwoord.

Is die antwoord uiteindelik gegee? -- Nee, dit sou op 'n later datum gegee word.

Toe dit aangekondig was dat dit onnodig sou wees om die verhoogde huurgeld te betaal, is u op die skouers van die mense gedra? -- Ek?

Ja? -- Hoe kon ek op die skouers van die mense gedra gewees het? Ek het dan nou net bedank as lid. Ek was nie eers naby daardie verteenwoordiging nie. (30)

Het u krediet geëis vir die besluit dat die mense - dit

... / sou

sou onnodig vir die mense wees om die verhoogde huurgeld te betaal? -- Ek sê nog 'n maal, ek het niks meer te doen gehad met die mense as lid van die Raad nie of as 'n leier van die Raad. Ek het net gaan luister wat moet ek betaal vir die "rent".

Dit is nie aan u gestel dat u as lid van die Raad dit gedoen het nie. Het u krediet geëis vir die verandering van die besluit oor wat die huurgeld sou wees? -- Ek het nie.

Het u nie? -- Ek het nie.

En sê u u was nooit deur die mense op hulle skouers gedra vir die krediet wat u geëis het nie? -- Vir wat sal (10) ek krediet eis? Wat het ek gedoen? Wat het ek gedoen om dit waardig te wees?

U het 'n dogter, nie waar nie? -- Ek het 'n dogter.

Is sy mev. Smith? -- Sy is mev. Smith.

Van Bloemfontein? -- Van Bloemfontein.

Wat was mev. Smith se houding oor die feit dat u aan die raadstelsel deelgeneem het? -- Wanneer? Sê 'n spesifieke tyd.

HOF : Voor of na sy winkel afgebrand is?

MNR. BIZOS : Wel, laat ons altwee neem. Voorheen, wat was mev. Smith se houding omtrent die feit dat u deelgeneem het (20) aan die stelsel? -- Sy het nooit gesê of sy daarvoor is of daarteen is voor die branding nie.

Maar toe u nou van Tumahole af moet wegbly en Bloemfontein toe gaan, het u by haar gebly? -- Ek het nooit daar gebly nie. Ek was daar vir 'n halwe dag.

Het u na u dogter gegaan? -- Dit is reg.

Het u vir haar gesê dat die mense van Tumahole blykbaar teen u was? -- Dit was nie nodig gewees nie, want sy was self in Parys gewees het na die branding.

Nee, ons praat van voor die branding? -- Voor die (30) branding?

Ja? -- Voor die branding was dit nie nodig nie.

Maar is u nie gevra deur die polisie om van u huis af weg te gaan voor die branding nie? -- Nee, dit was nadat hulle gebrand het. Dit was toe hulle besig was.

HOF : As u nou praat van brande, praat ons nou van die brand van u besigheid of brande van ander mense se besighede? -- Nee, dit is net my plek wat gebrand was. Dit is verbranding van my besigheid. Net alleenlik ek.

Net u is in Tumahole uitgebrand? -- Net ek alleen.

MNR. BIZOS : Wel, u is nie heeltemal reg nie omdat die bier-(10) saal ook beskadig is, nie waar nie? -- Ek het gedink aan inwoners. Ek het gedink aan lede van die Raad.

Ja, ek lewer dit nie as kritiek nie, maar in verband met die biersaal, het die mense geweet dat u die reg gekry het of sou gekry het om 'n drankwinkel en 'n biersaal in Parys te koop? -- Laat ek die saak regstel. Die saal - u praat van die Gemeenskapsaal of die biersaal?

Die biersaal? -- Nee, ek het nie belang gestel in die biersaal nie. Ek het aansoek gedoen vir 'n bottelstoor.

Is dit langs die biersaal? -- Dit is langs die biersaal.(20)

En was dit voor Julie 1984? -- Dit was.

Was dit welbekend dat u aansoek suksesvol was? -- Ek sal nie sê dit was welbekend dat hy suksesvol was nie, want ekself het nie eers bewys gehad dat hy suksesvol was nie. Ons het nog gewag vir die antwoord. Ons het dit tot vandag toe nog nie gekry nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

IN CAMERA GETUIE NR. 17, nog onder eed

MNR. FICK : Ek kan net aan die Hof meld dat BEWYSSTUK (30)

AAS(7), dit is die lys erkennings wat die verdediging maak

... / in

in verband met die ketting van die videokassette, dit is getik. Ek het 'n afskrif vir My Geleerde Vriende hier. Hulle het dit nog nie geteken nie, maar ek kan dit intussen vir die Hof, indien die Hof daarvan gebruik wil maak, beskikbaar stel.

HOF : Ek het dit nie onmiddellik nodig nie. U kan miskien 'n kopie vir my gee wat u kan terugkry wanneer u die oorspronklike vir my gee.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Ek wil dit aan u stel dat die gebeurtenis van Julie 1984 u verwar het met 'n gebeurtenis wat lank daarna gebeur het. Wat sê u daarvan? (10)
-- Ek glo nie dit is so nie.

Byvoorbeeld, u sê daar was pamflette voor die vergadering van Julie 1984. Sê u so? -- U verwys na watter pamflette?

Pamflette waarvan u melding gemaak het in u hoofgetuienis? Was daar pamflette voor die vergadering van Julie 1984? -- Ek kan nie onthou nie.

En as ek aan u stel dat daar geen pamflette was voor September 1984 nie, sal u nie in staat wees om dit te erken of te ontken nie? -- Ek is nie in staat nie.

HOF : Begryp u die vraag? As u onseker is oor die vraag, (20) moet u sê? Begryp u die vraag? -- Nee.

Begryp u nie die vraag nie? -- Nee, ek begryp nie die vraag nie.

Die advokaat sê vir u "Kyk, in hoofgetuienis het u gesê daar was pamflette versprei in Tumahole waarin mense gekla het, naamlose pamflette en dit was voor hierdie vergadering in Julie 1984 wat julle gehad het met sekere organisasies." Hy sê nou vir u daardie verkeerd wat u gesê het, hy sê die pamflette was nie voor daardie vergadering nie, dit was eintlik eers in September of daarna? (30)

MNR. BIZOS : Die eerste pamflette.

.... / HOF

HOF : Die eerste pamflette eers in September.

MNR. BIZOS : En nie naamloos nie.

HOF : En nie naamloos nie. Wat sê u van hierdie stellings?
-- Eerstens moet ek sê ek weet nie na watter pamflet verwys
hy nie, want ek kan nie sê ek het al die pamflette gesien nie.
Ek het dit nog nooit gesê nie.

In elk geval, is u in staat om te sê of daar enige pam-
flette in Tumahole was voor Julie 1984 toe die vergadering
plaasgevind het? Is u in staat om te sê of daar wel pamflette
was of kan u nie onthou nie of kan u nie sê nie? -- Nee, (10)
ek glo nie daar was pamflette voor daardie tyd nie.

Omdat ek dit aan u wil stel dat by die vergadering die
beswaar was teen die verhoging van die huurgeld van R26,00
tot R38,00. Sal u saamstem? -- Sal u asseblief dit herhaal?

Die verskil tussen die raadslede en die verteenwoordigers
van die organisasies of die mense wat na die vergadering gekom
het, was in verband met die verhoging wat ongeveer R10,00 was?
-- Dit was.

En by hierdie vergadering was daar geen gesprek van R18,00
nie. Dit was eers baie later wat dit voorgekom het? -- Dit(20)
is so.

U moet seer sekerlik kennis dra van die feit dat die
bestuurder van Tumahole verander is?

HOF : Is dit die lokasiebestuurders?

MNR. BIZOS : Die lokasiebestuurder.

HOF : Is hy vervang?

MNR. BIZOS : Vervang.

HOF : Wanneer?

MNR. BIZOS : 'n Paar maande gelede.

HOF : O, nou onlangs?

MNR. BIZOS : Nou.

(30)

HOF : In 1986? -- Dit is so. Daar is 'n nuwe bestuurder.

MNR. BIZOS : Die bestuurder was ene mnr. Ströh. Dit is nou mnr. Cronk. Is dit reg? -- Dit is so.

Dra u kennis van die feit dat dit beweer word - dit is nie vir Sy Edele om te besluit of dit reg is of nie of vir u om 'n mening uit te spreek nie - dat baie van die misverstand daar in u woongebied deur mnr. Ströh veroorsaak is. Is dit so beweer? -- Nie wat ek van weet nie.

HOF : Wanneer is mnr. Ströh vervang deur mnr. Cronk? -- Ek kan nie nou onthou nie. (10)

Is dit in hierdie jaar? -- Dit is in hierdie jaar.

MNR. BIZOS : Dra u kennis van die feit dat daar onderhandelings is tussen mnr. Cronk en die mense van die Civic Association in verband met die bedrag wat 'n redelike bedrag beskou sal word as huurgeld?

HCF : U bedoel nou?

MNR. BIZOS : Nou. Die rede hoekom ek dit nou stel, is omdat ons saak is dat die R18,00 iets is wat eers baie later ter sprake gekom het. Dra u kennis van die feit dat daar onderhandelings was? -- (Geen antwoord) (20)

HOF : Verstaan u die vraag? As u die vraag nie verstaan nie moet u my sê, asseblief? -- Ek dag hy gaan aan. Nee, ek verstaan nie.

Weet u van onderhandelinge oor die huurgeld tussen mnr. Cronk en die Civics? -- Natuurlik nie. Ek is nie lid van die Civics nie.

MNR. BIZOS : Nee, maar u woon daar? -- Ek woon in die lokasie, ja.

Dra u kennis van die feit dat mense gevra is om na 'n vergadering te gaan gedurende Mei 1986? -- Daar was baie ver- (30)
gaderings gehou. Ek weet nie na watter een verwys u nie.

Baie is gehou.

Dra u kennis van die feit dat die voorstel van die Raad nou is dat daar moes R26,25 betaal word? -- Watter Raad is dit, want daar is nie 'n Raad op die oomblik nie?

Die Ontwikkelingsraad? -- Nee, ek is nie lid van die Ontwikkelingsraad nie.

Maar as 'n inwoner daar, dra u geen kennis van wat in die woonbuurt aangaan nie? -- Besluite wat hulle neem - ons het nog nie papiere gekry nie. Ek weet niks daarvan af nie.

HOF : U sê daar is nie 'n Raad op die oomblik nie. Is (10) daar nie meer 'n gemeenskapsraad nie? -- Nee, almal het bedank.

Daardie selfde tyd wat u bedank het? -- Nee, een vir een, die een na die ander een is geforseer om te bedank.

MNR. BIZOS : U sê dat hulle bedank het? -- Ek sê hulle is geforseer om te bedank.

Ons sal miskien van 'n paar van hulle hoor hoekom hulle bedank het. Dra u kennis van die dokument wat deur die Ontwikkelingsraad uitgegee is om te wys hoe die R26,25 saamgestel is? I am asking Your Lordship to ignore the writing.

COURT : Well, if he does not know about the document I am (20) not even taking it in. It is irrelevant as far as I am concerned, as far as this witness is concerned. You can hand it in through another witness.

MR BIZOS : But I would like to ask him some questions about the reasonableness or otherwise of the figures ... (Court intervenes)

COURT : Well, the question is first whether he has knowledge of it. May be he has knowledge, then you can continue. If he has no knowledge I cannot see any point.

MNR. BIZOS : Dra u kennis van die bedrae wat op die (30) dokument ... -- Ek het nog nie die dokument gesien nie. Waar

... / is

is die dokument? (Dokument word aan getuie oorhandig) Nee.

U dra geen kennis van daardie dokument nie? -- Geen kennis nie.

Sal u saamstem dat die voorstel van R18,00 vir die heel eerste keer gedurende 1986 gemaak is of in 1985? -- Ek dink in 1985.

Dit is die heel eerste keer wat u van R18,00 se voorstel gehoor het? -- Ja, dit is reg.

Waarom het u in u hoofgetuienis gesê dat 'n eis is wat gemaak is deur die mense wat by die vergadering in Julie (10) 1984 was? Het u enige verduideliking daarvoor? -- Nee, dit is 'n fout. Ek weet nie dat ek so gesê het nie.

Dit is 'n fout? -- Ja.

Maar dit is iets wat u drie of vier keer gesê het in u hoofgetuienis? -- (Geen antwoord)

Was dit drie of vier keer 'n fout? -- Ek weet nie eers of dit drie of vier keer was nie, eerstens.

Hoe het dit gekom dat u die fout gemaak het? Kan u sê? -- Nee.

Ekskuus? -- Nee, ek weet nie. (20)

Wie was u burgemeester gedurende Julie 1984? -- Dit was 'n sekere Phule.

Van wanneer tot wanneer? -- Hy was burgemeester die vorige jaar in 1984.

Wanneer was u burgemeester? -- Nog vroeër as dit, lank voor dit, want daar was nog 'n man tussen ons.

Wat was u posisie op die Raad in 1984? -- Ek was 'n gewone lid.

Net 'n gewone lid? -- Net 'n gewone lid. Niks meer as dit nie. Ek het nie eers op die komitee gedien of so iets nie. (30)

Is daar partye daar in Tumahole? -- Nee, ek sal nie sê

... / partye

partye nie.

Was u die senior raadslid, om dit so te stel? -- Senior in wat?

In jare? -- In jare, ja.

Vir die tydperk wat u op die Raad gedien het? -- Ja, dit is reg.

In die Adviserende Raad se dae? -- Dit is reg.

Hoe lank was u lid van een of ander van die Rade wat aangestel was? -- Ek kan nie onthou nie, want ek het gedien gedurig van die een Urban Council tot Community Council, (10) Advisory Board. Ek is elke keer gekies.

U sien, ek sal u antwoord aanvaar dat u die burgemeester was, as u so sê, maar ek wil dit aan u stel dat u die simbool was van die Raad. U was as die senior man daar beskou. U was die persoon wat die besluite gemaak het? -- Dit is nie so nie. Die burgemeester het sy plek geneem en sy werk gedoen. Ek was net 'n gewone lid.

Ken u mnr. George Thabe goed? -- Ek ken George.

Is julle goeie vriende? -- Ons is.

Was u 'n lid van sy party? -- Nee, ek is nie 'n lid van (20) sy party nie. Daar is nie partye in Parys nie.

Was u altyd 'n goeie vriend van George Thabe? -- Ek sal nie sê altyd nie. Ek het hom nou onlangs ontmoet.

Gedurende 1983/84 was julle nie goeie vriende nie? -- Om te sê goeie vriende, dit is nie die regte benaming nie. Ons het mekaar geken.

Hoe het dit gekom dat u aansoek gedoen het vir 'n drankwinkel? -- Hy was geadverteer in Parys in die Herald. Ek het dit daar gesien.

Wat was die tender wat u gemaak het vir u drankwinkel? (30) -- Ek moes voorbereiding doen. Ek moes eers in die papiere

... / gekyk

gekyk het. Ek onthou nie. Dit is lank terug.

Min of meer? Was dit 'n paar duisend of was dit 'n miljoen of hoeveel was dit? -- Dit was naby 'n miljoen, maar dit was nie 'n miljoen nie.

Weet u of enige ander persoon in Parys ook getender het of nie? -- Ek weet.

Wie het? -- Die voorsitter Phule. Hy het getender en nog 'n man. Ek kan nie meer onthou wie hy was nie. Daar was drie tenders.

Hoe het u op die bedrag besluit om te tender? -- Daar (10) was 'n papier wat die Administrasie voorberei het om te sê min of meer wat hulle wou gehad het. Dit was ingesluit gewees by die ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Die bedrag was ingesluit?

HOF : U moet net die getuie geleentheid gee om die sin te voltooi, mnr. Bizos. U sê daar was 'n papier van die Administrasie wat gesê het ongeveer wat hulle wou gehad het. Wat was op die papier? -- Dit was op die agenda van die Raad.

MNR. BIZOS : Van watter Raad? -- Van Parys Gemeenskapsraad.

Die Raad waarop u 'n plek gehad het? -- Ja. Elkeen (20) wat gevra het om te tender, het die papier saam gekry.

Was u in staat om die koopprys te betaal? -- Ek sou 'n lening aangaan.

Deur wie? -- Ek kry altyd my lening by Small Unit Development of Barclays.

U het nog nie die drankwinkel gekry nie? -- Nee, ek het dit nog nie gekry nie. Hulle het nie eers op die tenders geantwoord nie.

U weet dat daar 'n fonds is wat vir mense wie se plekke afgebrand is in die oproerige tye waarin ons woon geld gee, (30) slagoffers van die geweld? -- Ek weet.

... / Het

Het u aansoek gedoen vir hulp vir die herstel van u supermark? -- Ek het.

Het u die geld gekry? -- Dit is van die hand gewys.

Is enige rede gegee waarom u nie die geld gekry het nie? -- Ja, die rede was gewees ek kon nie presies die syfers gee hoe het ek gewerk met die geld wat ek gekry het van die Assuransie af nie. Dit wou hulle gehad het.

Het u ooit aan enige persoon of persone gesê dat u is gesê as gevolg van u bedanking kan u nie geld kry of hulp kry nie? -- Hier is 'n paar onwaarhede wat nou hier gesê is. (10)
Ek wil dit ten sterkste ontken.

Wanneer is dit gesê dat u nie geld kan kry nie? -- Wanneer is ek gesê?

Ja? -- Dit is 'n paar maande terug.

Is u gevra toe u die aansoek gemaak het hoekom u bedank het? -- Nee, dit het met die bedanking niks te doene gehad nie. Wie sou vir my gevra het?

Ek wil vir u vra in verband met u besoek aan Johannesburg. -- Heeltemal in orde.

Wanneer het u vir die heel eerste keer 'n verklaring (20) aan die polisie gemaak in verband met die besoek? -- Dit was toe ek teruggekom het van Johannesburg af. Dit was kort daarna gewees.

'n Verklaring aan die polisie? -- Aan die polisie.

Wanneer was dit? -- Ek kan nie onthou nie.

Hoe lank na die gebeurtenis? -- Sommer kort daarna.

Aan wie het u die verklaring gemaak? -- Adjudant Van Rensburg.

Waar het u dit gemaak? -- In Parys. By die polisiestasie.

So, sê u dat die verklaring in 1984 gemaak is? -- (30)
Watter een?

Die verklaring wat u gemaak het - nie in verband met die skade aan u supermark of so iets nie, maar in verband met u besoek aan Johannesburg. Het u in 1984 so 'n verklaring gemaak? -- Ek het.

Het u in daardie verklaring alles gesê wat in Johannesburg gebeur het? -- Ek het.

Aan wie sê u? -- Adjudant Van Rensburg.

Nie aan mnr. Nel nie? -- Mnr. Nel het later gekom.

Wanneer het mnr. Nel gekom? -- Ek kan nie onthou nie.

Hoeveel verklarings het u gemaak? Dit is in verband (10) met u besoek aan Johannesburg? -- Ek het een gemaak aan adjudant Van Rensburg en as gevolg daarvan het mnr. Nel my kom sien en ook gevra vir 'n verklaring.

HOF : Het hy ook 'n verklaring geneem? -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Het mnr. Van Rensburg, sal u sê, 'n paar dae na u bedanking na u gekom? -- Sommer 'n paar dae daarna.

En mnr. Nel, hoe lank daarna? -- Ek kan nie onthou nie.

Min of meer? -- Dan moet ek jok.

'n Week, 'n maand, 'n jaar? -- Nee, my geheue laat my in die steek. Ek is jammer ek kan nie sê nie. (20)

Waarom was dit nodig dat 'n verdere verklaring geneem moes word? -- Die polisie kan dit verduidelik. Dit is hulle besigheid, nie myne nie.

Ek is gesê dat die datum toe u die tweede verklaring gemaak het, is 18 April 1985. Sal u dit aanvaar? -- Ek kan nie onthou nie.

My Lord, I have the authority of My Learned Friend to put it in record as an admission, 18 April 1985. Toe u die tweede verklaring gemaak het, het u geweet dat mnr. Lekota gearresteer was? -- Nee, ek het nie geweet nie. (30)

Het u geweet dat mnr. Popo Molefe gearresteer is? -- Ook

... / nie

nie.

Lees u nie die koerante nie? -- Ek lees maar baie swak.
My oë is baie sleg.

Het u nie gehoor dat hulle gearresteer was nie? -- Nee,
ek het nie.

Het mnr. Nel nie aan u gesê dat hulle gearresteer is nie?
-- Niks nie. Nie 'n woord nie.

Het u alles wat u aan die Hof gesê het in verband met
die onderhoud met biskop Tutu, in die verklaring gesê wat u aan
mnr. Van Rensburg gemaak het? -- Ja, ek dink so. (10)

I had the date wrong, My Lord. The two accused were
actually arrested shortly after the 18th. They were arrested
on the 23rd. Het alles wat gebeur het by die vergadering
met biskop Tutu - was dit alles in die verklaring wat u aan
mnr. Nel gemaak het? -- Dit is reg.

Jammer, wat u aan mnr. Van Rensburg gemaak het. Die
eerste verklaring, was dit alles daar in? -- Ja, dit is reg so.

Die verklaring wat u 'n paar dae na die gebeurtenis gemaak
het, het alles ingehad? -- Alles.

Is die eerste verklaring wat mnr. Van Rensburg van u (20)
geneem het aan u gewys toe u die tweede verklaring gemaak het?
-- Nee, hy is nie aan my gewys nie.

Het u hom miskien gevra om die eerste verklaring aan u
te toon? -- Ek het hom nie eers gevra nie.

Wou u nie u geheue verfris ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die antwoord was hy het nie gevra nie. Of hy dit wou
doen of nie, hoe is dit ter sake? Maar vra maar die vraag.

MNR. BIZOS : Wou u nie sien wat u amper 'n jaar vantevore gesê
het in 'n skriftelike verklaring voor u 'n verdere verklaring
maak nie? -- Die gebeurtenis is so helder in my geheue. (30)
Dit is 'n groot ding wat met my gebeur het. Ek het niks nodig

... / gehad

gehad om my geheue te verfris nie.

Dit was 'n groot gebeurtenis. Ek kan dit verstaan. Wanneer het u u tweede verklaring vir die laaste keer gesien? Dit is voordat u in die hof gekom het? -- Ek het hom gesien toe ek hom gemaak het.

Het u hom nie weer gesien nie? -- Nie weer gesien nie.

Is die verklaring aan u gelees? -- Ekskuus?

Is die verklaring aan u gelees voor u binne-in die hofsaal gekom het? -- Nee, hy is nie aan my gelees nie.

Is u vrae daaroor gevra? -- Dit is reg. (10)

Deur wie? -- Ek ken die mense nie hier nie.

HOF : Dit is mnr. Fick wat hier sit? -- Nee, dit is nie hy nie.

MNR. BIZOS : Was dit mnr. Jacobs? -- Ek ken nie die mense se name nie. Dit mag miskien hy wees. Ek weet nie.

Was hy 'n polisiebeampte of 'n advokaat? -- Hy was in privaat klere.

HOF : Dit maak hom 'n advokaat.

MNR. BIZOS : Laat ek so vir u vra. Hoeveel van u mense was daar teenwoordig? -- Wanneer?

By biskop Tutu? -- Ons was vier. (20)

Drie en uself? -- Drie en myself.

Wie was hulle?

HOF : Ons het dit twee keer al gehad. Wil u dit weer hê. Die een was sy dogter en die ander een was 'n vriend en die ander een was sy vrou en die ander een was hy. -- Dit is reg.

MNR. BIZOS : Was hulle teenwoordig dwarsdeur die gesprek? -- Dwarsdeur.

Het hulle deelgeneem aan die gesprek? -- Hulle het nie deelgeneem nie. Hulle het geluister.

Het nie een van hulle iets gesê nie? -- Aan wie? (30)

Enigeen van die ander drie mense? -- Nie toe ons daar

... / binnekant

binnekant was nie.

Het u dogter of u vrou of u vriend enigiets aan u gesê gedurende die ontmoeting? -- Toe ons buite was, ja. Nie binnekant nie.

Is u raad gegee deur enigeen van die drie mense voor die ontmoeting of na die ontmoeting? -- Voor die ontmoeting nie. Na die ontmoeting ja.

Wat was hulle houding? -- Hulle het gevoel dat my lewe - ons lewens was in gevaar, die beste sou gewees het, ek moet sommer daar onmiddellik bedank het soos wat biskop Tutu gesê(10) het en nie wag om nog die saak te bespreek met die hoofdirekteur en al die ander mense nie.

Het u mense sterk beklemtoon dat u moes bedank? -- Ons het dit bespreek. Dit was nie so sterk beklemtoon nie.

Ek is jammer, ek het nie u antwoord gehoor nie, omdat 'n nota aan my gestuur is. -- Ek het gesê ons het dit bespreek, maar dit was nie sterk beklemtoon nie.

Presies waarom het u biskop Tutu vir 'n afspraak genader? -- Ek het gesien in die koerant dat hy kommentaar gelewer het op die gebeurtenisse in Parys op daardie dag. (20)

Was daar in die koerante berigte van die feit dat daar 'n optog in Tumahole was? -- Ek sal nie sê daar was 'n optog in Tumahole nie. Elkeen het gerapporteer soos hy gevoel het.

Was daar berigte dat traanrook gebruik is om wat waarskynlik 'n vreedsame optog was op te breek? -- Nee, ek wil nie so ver gaan nie. Ek wil nie so ver gaan om te sê dit was vreedsaam nie. Nee, daardie woord wil ek nie gebruik nie, want as die mense klippe in hulle hande het, kan jy nie sê dit was vreedsaam nie.

Ja, dit is wat u sê. Was daar berigte dat dit 'n vreed-(30) same optog was? -- Ek het al gesê ek kan nie onthou dat daardie

woord gebruik was nie.

Die vier van u het die biskop ontmoet in sy kantoor? --
Ja, ons almal.

Toe u met die biskop gepraat het, het u in die afwesigheid van die biskop - ek is jammer, in die afwesigheid van mnr. Lekota, mnr. Lekota se naam aan die biskop gegee?

HOF : Die aan- of afwesigheid?

MNR. BIZOS : Afwesigheid, absence?

HOF : Wat die advokaat stel is, het u met biskop Tutu gepraat toe mnr. Lekota nie teenwoordig was nie, wat u van mnr. (10) Lekota gepraat het? -- Ek het nie sy naam gebruik nie. Ek het nie met biskop Tutu in die afwesigheid van mnr. Lekota gepraat en mnr. Lekota se naam gebruik nie. Ek het net gesê UDF.

MNR. BIZOS : Is u aan mnr. Lekota voorgestel? -- Daar in die vergadering, ja. Nie hy alleen nie. Daar in die vergadering het mnr. Tutu gesê dit is mnr. Lekota en dit is mnr. Popo Molefe.

Het u hom voorheen geken? -- Nee, glad nie.

Sal u aanvaar dat hy u ook nie geken het nie? -- Nee, ek aanvaar dit nie.

U aanvaar dit nie? -- Nee. (20)

Waarom nie? -- Hy het self gesê dat hy nie geweet het dat dit ek was wat hulle van gepraat het, wat hulle sou gaan beskadig het nie. Ek was 'n skoolinspekteur.

HOF : Het hy gesê u was 'n skoolinspekteur gewees? -- Ja.

MNR. BIZOS : In elk geval, het hy geweet dat u 'n supermark gehad het in Tumahole? -- Hy het gesê hy het nie geweet nie.

Het die biskop gesê dat u met die biskop voorheen gepraat het in verband met u moeilikhede toe mnr. Lekota daar gekom het? -- Het hy gesê ek het met hom gepraat?

Het die biskop aan Lekota gesê "Kyk, u Lehlale, het met (30) my, die biskop gepraat"? Het die biskop so gesê? -- Wat hy

... / gesê

gesê het was in die vergadering dat hierdie man het kom vra vir 'n afspraak met julle mense, met die UDF se mense en toe sê hy vir my "Verduidelik aan die mense wat jou probleem is."

Het die biskop gesê dat u vir hom gesê het dat u het berig gekry dat TSO verantwoordelik was vir die aanval op u winkels? -- Het die biskop dit aan my gesê?

Nee, het die biskop aan mnr. Lekota gesê dat dit is wat u beweer? -- Nee.

